
ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad

18 Mei 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



Veteraan-rebelle se reünie - bl 5



## BSB se turf begin sit

JACQUES PAUW

DIE klandestiene BSB, tot onlangs nog 'n web van intrige, is dié week grootliks deur sy eie Boere-Rasputin ontrafel toe hy voor die Harms-kommissie erken het dat dié organisasie homself ten koste van die regering beskerm, huidige politieke gebeure hom bedreig en hy in selfbelang optree.

Kol Joe Verster (foto links), besturende direkteur van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB), het verskuil agter 'n welige baard, pruik en donkerbril gesê: "Ons dink in terme van selfbehoud... ons is slagoffers van die nuwe bedeling."

Intussen het Pieter Botes, gewese waarnemende streekbestuurder van die BSB, gistermiddag begin getuig nadat hy verlede week in Vrye Weekblad gesê het dat Verster 'n magsbeluste man is en dat die BSB vir politieke doeleindes misbruik mag word. Hy het gesê hy glo daar is reeds 'n interne weerstandbeweging.

Botes het getuig dat hy in Maart verlede jaar genader is om 'n Durbanse prokureur wat 'n senior lid van die ANC sou wees, te vermoor.

Vervolg op bl 2

# Bloedbad dreig

## SA se eie Mississippi Burning...

CHRISTELLE TERREBLANCHE

AS Welkom dit sonder 'n rasse-bloedbad gaan oorleef, sal dit goed gaan met die res van Suid-Afrika.

Dit was gister die gevoel oor dié Vrystaatse myndorp waar rassegevoelens breekpunt bereik het.

'n Maand gelede is die spot nog gedryf met die naam Welkom vir 'n stad waarin meer as driekwart van die inwoners nie juis welkom voel nie.

Dié week is twee blanke inwoners deur 'n groep swart mynwerkers vermoor en nou begin dit lyk asof die spiraal van geweld, in die tradisie van die Amerikaanse suide van 'n paar dekades gelede, geen einde ken nie.

'n Senior ANC-leier het gister sy organisasie se ernstige kommer oor die eskalerende konflik in Welkom uitgespreek - hoewel hy glo daar was uiterste provokasie van die regse blanke kant.

"By Groote Schuur het albei kante onderneem om geweldpleging kort te vat. Tog het die polisiegeweld voortgeduur en word daar ook glad nie teen ver-regses opgetree wat openlik met hul wapens paradeer nie," het hy gesê. Hy het ook sy organisasie se meegevoel met die gesinne van die vermoordes uitgespreek.

Nòg die regses nòg die meer as 300 000 swart inwoners wou gister veel sê oor die toestand. Twee weke gelede het albei kante nog dreigemente van "'n oog vir 'n oog" gemaak en as hulle ernstig was, sal min die geweldpleging kan stop.

Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, het gelas dat nog polisieversterkings, bygestaan deur lede van die weermag, na Welkom en die Vrystaatse goudvelde gehaas word. Verlede week is honderde bykomende polisiemanne daar ontplooi en Operasie Waghond van stapel gestuur.

Vervolg op bl 2



## ... en Kroonstad se Trojaanse Perd

CHRISTELLE TERREBLANCHE

KROONSTAD smeul ná die "Trojaanse Perd"-voorval waarin twee skoolkinders Dinsdag doodgeskiet is.

Polisiemanne wat onder 'n bokseil agter op 'n private vragmotor geskuil het, het skielik opgespring en met haelgewere op oproerige jeugdiges losgebrand.

Bittere ontevredenheid en geweld smeul al baie maande lank in Maokeng, een van Kroonstad se townships.

Brig Koos Geldenhuys, speurhoof van die Vrystaatse polisie, is gister aangestel om die saak te ondersoek. Hy sal waarskynlik met die diepgewortelde wantroue van die inwoners te doen kry asook met talle aantygings van marteling en intimidasie deur die polisie.

Volgens die polisie het hulle in die afleweringswa geskuil omdat hulle nie meer openlik in die township voorvalle kan ondersoek nie, weens die aggressie van inwoners.

Vrye Weekblad het die volgende dag met ooggetuies in Maokeng gesels en hulle weergawe van die gebeure verskil hemelsbreed van dié van die polisie.

David Sotjana, 26, sê leerlinge was Dinsdag kort na eenuur van die skool af op pad huis toe en het voor die Lengau-poskantoor by die Maokengse sake-kompleks saamgedrom. Die posmeester van Kroonstad se weelderige Duitse motor is vroeër die dag deur oproerige jeugdiges uitgebrand. "Die kinders het rondom die smeulende wrak saamgedrom," vertel David.

Abé Makholi, organiseerder van die Maokeng Democratic Crisis Committee, sê die motor is met 'n petrolbom aan die brand gesteek omdat 'n aantal ANC-aktiviste se huise die afgelope twee weke met petrolbomme bestook is.

Die huise is heeltemal verwoes en die inwoners moes vlug.

Volgens Sotjana het sowat 200 kinders rondgestaan toe 'n afleweringswa met 'n bokseil bo-oor probeer om tussen die skare in te ry.

Die voertuig, met die registrasienommer OB 91590, is later by die onderneming Barnett Auto Spares opgespoor. Dit is die eiendom van Peet Neethling en word gewoonlik aan meubelkarweiers uitgehuur. Inwoners sê dit word dikwels deur Protea Meubileerders vir aflewerings gebruik.

Neethling het bevestig dat die polisie dit

Vervolg op bl 2

## ANC ag wit steun belangrik

# Lidmaatskapkaarte pronk in bo-sak

ELSABé WESSELS

DIE ANC het sy eerste Afrikaanse lede gewerf. In Kaapstad en die Transvaal loop Afrikaners nou met die swart, groen en goud lidmaatskapkaarte van dié organisasie in hul sakke rond.

In 'n so te sê eksklusiewe Afrikaanse woonbuurt in die Kaap, Welgemoed, is reeds ANC-huisvergaderings gehou. Die sowat 30 geesdriftiges probeer om 'n honderd ondersteuners bymekaar te kry sodat hulle 'n tak kan stig.

In die woonbuurte van Tuine, Mowbray, Observatory, Newlands en Rondebosch, met 'n oorwegend Engelssprekende karakter, is ANC-lidmaatskap reeds uitgereik en is takke besig om op die been te kom.

Volgens die ANC aan die Witwatersrand het sowat 'n 100 blankes van Benoni en Springs verlede naweek ANC-lidmaatskap verkry tydens 'n werwingsveldtog aan die Oos-Rand.

Die ANC se binnelandse hoof van politieke opleiding, Raymond Suttner, is optimisties oor die ANC se steun in wit geledere. "Weens die jarelange steun van wit demokratiese organisasies is die ANC van 'n redelike groot wit lidmaatskap verseker. Al hoe meer mense erken ook die legitimiteit van die organisasie," sê Suttner.

Volgens hom neem die ANC sy uitreiking na blankes ernstig op. Daardeur bevestig hulle blankes se verbintenis tot Suid-Afrika as hul enigste tuiste en die ANC se verbintenis tot nie-rassigheid. "Blankes moet gerus gestel word dat die ANC nie weerwraak soek nie," sê hy.

"Die ANC ag dit veral noodsaaklik om die regtervleuel te isoleer," sê Suttner en wys daarop dat die onlangse gesprekke met die regering 'n positiewe beeld van die ANC onder blankes ingeskerp het. Volgens hom het verskeie DP-ondersteuners reeds hul lojaliteite verskuif en by die ANC aangesluit.

Dat Afrikaners in die nabye toekoms hulle in hul derduisende by die ANC gaan aansluit, word in politieke kringe as onrealisties afgemaak. Suttner stem saam. Volgens hom moet die ANC nie sy eie kapasiteit oorskat nie. Hy wys ook daarop dat die ANC nog nie die "massa-euforie in 'n georganiseerde teenwoordigheid, hetsy in blanke of swart geledere, omskep het nie".

In die Algemene Verkiesing in September het net sowat 15 persent van wit kiesers vir die DP gestem. By verre die meerderheid van dié was Engelssprekendes.

"Dit gaan nie soseer oor die getalle nie, maar oor die simboliese waarde van lidmaatskap uit Afrikanergeledere," sê 'n Wes-Kaapse bestuurslid van die UDF, Willie Hofmeyr. Volgens hom is daar reeds meer steun van Afrikaners as wat 'n mens vroeër verwag het. Hofmeyr is optimisties dat die ANC ten minste die helfte van die DP se ondersteuners sal wen.

Dis 'n uitgemaakte saak, ook in DP-geledere, dat die DP en die ANC onder dieselfe wit kiesers gaan oes. Dat die ANC lidmaatskap onder DP-parlementariërs sal werf, is ook 'n uitgemaakte saak.

Bespiegelinge dat die DP se toekoms op 'n kruispad is met rigtingwysers na die Nasionale Party en die ANC, word in die wandelgange van die parlement druk bespreek.

Op parlementsvlak het nasionaliste die koue oorlog teen DP-LP's laat vaar. Sedert 2 Februarie is daar 'n merkbare poging aan die kant van die NP om by hul DP-kollegas steun te soek. Die bondgenootskap word veral versterk deurdat die DP net soos die NP vurige aanvalle op die KP loods. Die DP se ondersteuning van die begroting het ook ruimte vir beter verhoudings geskep.

"Albei partye is sedert 2 Februarie gedwing om by nuwe omstandighede aan te pas," sê DP-leier Wynand Malan.

Die algemene gevoel is dat indien die Nasionale Party op sy hervormingspad volhou, skeidslyne tussen hom en die DP sodanig sal verflou dat talle DP-LP's en kiesers hul ewe tuis by die NP sal voel. Die voortsetting van die gewapende stryd en die onsekerheid van die SAKP se rol binne die ANC word in DP-kringe bevraagteken. Maar dit is klaarblyklik die ANC se ekonomiese beleid wat veral ou Progge afskrik.

Nuwe wit politieke vennootskappe wat op ekonomiese doelstellings geskoei is, word nou in die vooruitsig gestel. In DP-kringe word daar gemeen dat voorstanders van 'n vryemark-ekonomie kragte sal smee met die Nasionaliste terwyl sosiale demokrate hul lot by die ANC sal ingooi.

Kyk 'n mens losweg na die DP se 34 LP's, huldig sowat 'n derde sterk ANC-sentimente. Hoewel die ANC die driekamerparlement verwerp, kan hul tegnies spreekbuise in die parlement hê indien gekose verteenwoordigers in enige van die drie huise hul huidige partylidmaatskap neerlê en hul by die ANC skaar.

In DP-kringe wat die ANC goedgesind is, word die ANC gekritiseer vir wat hulle "swak kommunikasie" noem. Hulle meen kontak met die ANC is wisselvallig en onbetroubaar. "Ons kan vir hulle 'n baie goeie platform in die blanke gemeenskap gee, maar daar is geen teken van samewerking van hul kant af nie," sê 'n DP-LP. Die algemene gevoel is dat die ANC nie die nodige kanale vir kommunikasie skep nie.

# Hoë geskarrel om Popcru-lede in konsulaat

ELSABé WESSELS

DIE eise van die honderde geskorste Popcru-lede, waarvan vyf uit protes stelling in die Duitse Konsulaat in Kaapstad ingeneem het, word tans op die hoogste vlak tussen die regering en die ANC hanteer.

Dié stap volg op aantygings van Popcru, die vakbond vir lede van die gevangenis en polisiemag, dat die ministers van Justisie en Wet en Orde, Kobie Coetsee en Adriaan Vlok, 'n private ooreenkoms met die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, verbreek het.

In 'n verklaring wat gistermiddag deur Coetsee se kantoor uitgereik is, het Popcru-lede nou tot 30 Mei kans om by hul bevelvoerende offisiere aan te meld en om die opheffing van hul skorsing aansoek te doen. Hul sal toegelaat word om hul "dienste onverwyld te hervat, onderworpe aan die Gevangeniswet, die Gevangenis-regulasies en dissiplinêre kode".

Coetsee se kantoor kon nie bevestig of dié aanbod uit onderhandelinge tussen lede van die gesamentlike werkgroep spruit nie.

Popcru se regsverteenwoordiger, Essa Moosa, het gister gesê die minister se aanbod is onduidelik omdat Popcru-lede reeds op 8 Mei teruggekeer het werk toe, maar toe herindiensneming geweier is deur die offisiere aan diens.




Popcru-lede in die Duitse konsulaat in Kaapstad (Foto: AP)

Hy het bevestig dat Mandela op 2 Mei die posisie van die geskorste en afgedankte Popcru-lede met die betrokke ministers bespreek het en volgens hom 'n versekering van hulle gekry het dat Popcru-lede na hul poste kan terugkeer.

Die onderneming kon nie deur Coetsee se kantoor bevestig word nie en 'n woordvoerder van Wet en Orde het ontken dat daar ooit so 'n ooreenkoms tussen Mandela en Vlok aangegaan is. Nie die Gevangenisdiens of die polisie erken Popcru se bestaansreg nie.

Mandela, wat tans op 'n Afrikareis is, het onderneem om Maandag met sy terugkeer na Suid-Afrika Popcru se saak met die betrokke ministers op te neem.

Namens Popcru eis die konsulaat-vyf die heraanstelling van 859 lede van die Polisie en Gevangenisdiens. Dit spruit uit die skorsing van sowat 800 tronkbewaarders en 60 lede van die polisiemag wat op 23 Maart afgedank is nadat hulle met 'n sitstaking begin het omdat hul griewe nie aangespreek word nie.

Die vyf se tweede eis is dat griewe oor rasse-diskriminasie en swak geriewe wat die motivering vir die sitstaking by die grootste gevangenisse en 'n aantal polisiekantore, aangespreek word.

Die vyf eis dat daar skriftelik gehoor aan hulle eise gegee word voordat hulle die ambassade sal verlaat. Hulle het gistermiddag vir hul derde nag in die ontvangslokaal van die konsulaat voorberei.

# Nog 'n weermag-luitenant sê sy rang op

PEARLIE JOUBERT

DIE 33-jarige Hennie Strydom, dosent in Internasionale Reg aan die regsfakulteit van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, het besluit om sy rang as luitenant in die Burgermag van die SA Weermag op te sê.

Strydom is die vierde lid van die weermag wat binne 'n week besluit om sy rang op te sê weens kritiek op die weermag se betrokkenheid by die moordbendes.

Verlede week het dr Rob Gie, dosent aan die mediese fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch en Susan en André Roothman ook hul range op 'n openbare vergadering op Stellenbosch opgesê.

"Ek is nie bereid om daardie rang meer te dra nie," sê Strydom.

"Die getuienis wat tot dusver voor die Harms- en Hiemstra-kommissies gelewer is, maak dat ek my nie langer met die weermag wil vereenselwig nie."

Hy meen ook dat die regering weens sy ideologiese raamwerk nie heeltemal van alle blaam onthef kan word nie. "Die regering het 'n regsvrye sfeer geskep waarbinne organisasies, soos die moordbendes, ontwikkel en gedy het." Strydom se verdere probleme met die regering spruit uit die onwilligheid om die geregtelike ondersoeke uit te brei na buitelandse bedrywighede deur organisasies soos die Burgerlike Samewerkingburo en die Polisie se moordbendes.

Strydom was tydens sy diensplig vir 'n jaar by Voortrekkerhoogte en een jaar by Een Spesiale Diensbataljon in Bloemfontein as 'n regsoffisier gestasioneer.

"Ek het nog 300 dae van my nasionale diensplig oor, maar weier om dit te doen. Ek weier ook om as lid van die weermag diens in die townships te verrig," sê Strydom.

* 'n Verdere verwikkeling rondom die wydverspreide ontevredenheid met die beperkte ondersoekveld van die Harms-kommissie, het dié week na vore gekom toe 'n landwye petisie-veldtog aangekondig is.

'n Woordvoerder van dié veldtog sê die Veldtog vir Geregtelike Ondersoek na Moordbendes word binnekort geloods waarin daar van pres FW de Klerk geëis gaan word om die Harms-kommissie se opdragte uit te brei. "Ons eis dat die Harms-kommissie ook buitelandse politieke moorde en optredes ondersoek.

Die organiseerders van dié veldtog glo dat só 'n aksie Suid-Afrikaners sal help om te verhoed dat moontlike wanaanwending van hul belastinggeld in die buiteland toegesmeer word.

"Ons hoop dat die petisie in elke dorp versprei sal word, in elke stad, kampus huis, woonstelblok en straat."

Mense en organisasies in die land wat bereid is om te help met die verspreiding van petisielyste en werwing van handtekeninge in sy of haar gebied, kan skryf aan: Die Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes, Posbus 6252 Welgemoed 6538.


# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

*'Dertien dwalende dosente'*

# 'n Stille herdenking van 'n grootse dag

**Afrikaner-rebelle is nie 'n nuwe verskynsel nie. HENNIE SERFONTEIN skets die agtergrond van 'n besonderse reünie dié week in Pretoria**



DONDERDAG, 35 jaar gelede, was een van daardie bakendae in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Op 17 Mei 1955 het die eerste openbare protes vanuit Afrikaner-geledere teen die apartheidsbewind van die Nasionale Party-regering plaasgevind, die oorsteek van 'n politieke rubicon.

Op daardie dag het dertien Afrikaanse professore en lektore van die universiteite van Pretoria en Suid-Afrika hul beroemde petisie van sewe punte uitgereik.

Op morele en grondwetlike gronde het hulle die nuwe voorgestelde wetgewing waarin die senaat kunsmatig vergroot word, verwerp. Die doel was om die vereiste twee-derde meerderheid te verkry - soos vereis deur die grondwet - ten einde die Kleurlingkiesers van die destydse gemeenskaplike kieserslys te verwyder.

DIt het gevolg na vyf jaar waarin verskeie onsuksesvolle pogings aangewend is om die grondwet te omseil. Maar elke keer is dit deur die appèlhof uitgegooi.

Die "verkragting" van die grondwet bly een van die grootste van die vele skandvlekke van die apartheidsbeleid oor 42 jaar.

Gisteroggend het vyf van die ses oorlewende lede van die oorspronklike dertien petisionarisse in Brooklyn, Pretoria aan huis van prof Willem Kleynhans, wat destyds die leiding in die protes geneem het, byeengekom.

Die mense en hul reeds heengegane medestryders mag nie vergeet word nie.

Hulle was die Afrikaner se gewete aan die beginstadium van die toepassing van allerhande apartheidsgruwels in die naam van Afrikaner-nasionalisme.

Willem Kleynhans is afgetrede professor in staatsleer aan Unisa en een van die grootste kenners van die Afrikaner-politiek. Die ander vier professore by dié gedenkbyeenkoms was prof Ben Marais, afgetrede professor in teologie; prof Daan Swiegers, afgetrede professor in sielkunde; prof JJN Cloete, afgetrede professor in Publieke Administrasie en prof JA Louw afgetrede professor van Unisa se Departement Afrika-tale.

Prof Daan Pont, afgetrede regsprofessor in sy negentigs, is in Kaapstad.

Die ander petisionarisse wat reeds dood is, is prof Gey van Pittius (Staatsleer); prof AS Geyser (Teologie); prof PV Pistorius (Grieks); prof BJ Schlebusch (sielkunde); prof WJ de Kock (Geskiedenis); prof SP Engelbrecht (Teologie) en prof C Jacobz (Wiskunde).

Baie mense weet nie veel van dié woelinge in die vyftigerjare nie, en vra miskien tereg: waarom al die bohaai oor iets heel normaal? Wat was dan so belangrik of uniek aan die dertien se petisie?

Vandag is daar 'n bitter party-politieke konflik. Afrikaanse pro-regeringskoerante sal kritiek teen die regering deur Nasionaliste plaas, of self die regering of die Nasionale Party in hoofartikels laat deurloop as dit nodig geag word.

Daarom, om die moed van dié dertien te begryp, moet dit in die konteks van die politieke van 1955 beskou word - NP-onderdrukking van kritiese lojale denke was op sy ergste. Dit was die middeleeue van Afrikaner-nasionalisme, hul eie Stalinistiese era.

As vurige jong Nasionalis en ambisieuse lid van die Nasionale Jeugbond destyds, onthou ek goed dat in die jare vanaf 1948 tot 1955 'n mens die briewe van ontevrede Nasionaliste in die Transvaler letterlik op die vingers van jou twee hande kon tel.

Ontevrede Nasionaliste het net nie hul eie party in die openbaar gekritiseer nie. Dit is nie gedoen nie.

Senator Jan de Klerk - toe lid van die Strijdom-kabinet en vader van pres FW de Klerk - het dan ook in daardie tye onomwonde verklaar: die twaalf man om die ronde tafel (die Kabinet) neem die besluite. En die volk moet dit aanvaar.

Die "diepe politieke vryheid" is dan ook met groot applous aanvaar deur die Nasionaliste van daardie tyd - nie alleen die stemvee nie, maar ook die sogenaamde intellektueles.

Daarom geen wonder nie dat toe Willem Kleynhans die petisie op daardie Maandagoggend 16 Mei 1955 aan Sapa oorhandig het, dat dit Suid-Afrika en veral die Nasionale Party, sy slaafse koerante, die establishment en die "volk" soos 'n donderslag getref het. Dit was inderdaad 'n politieke bom.

Almal was òf ingeskrewe lede van die NP òf het dit ondersteun. Kleynhans was tot kort tevore vir drie agtereenvolgende jaar hoofleier van die Nasionale Jeugbond (NJB), en ook lid van die dagbestuur van die Transvaalse NP.

In die lig van die huidige krampagtige, byna histeriese beheptheid van die regering oor sogenaamde demokrasie, groeps- en minderheidsregte, is twee van die beswaarpunte in die petisie heel ironies.

Dit waarsku: "Die wet is in konflik met die erkende grondwet en funksies van die hoërhuis soos aanvaar in die meeste Westerse demokrasieë.

"Met die afskaffing van die proporsionele verteenwoordiging in die senaat, word die regte van minderhede geïgnoreer op 'n ondemokratiese wyse en as gevolg daarvan word die funksionering van 'n demokratiese tweepartysisteem tot so 'n mate verswak dat die wetgewing beskou word as 'n definitiewe stap in die rigting van 'n ondemokratiese eenparty-sisteem."

Die reaksie uit NP-geledere was een van skok, verontwaardiging en histeriese woede. Die "Afrikaner-verraaiers", moderne ketters is na 'n geestelike brandstapel gesleep, verag en bespot.

Dit is interessant om terug te kyk na die reaksie van die Afrikaanse koerante, die NP-publiek en die Afrikaanse universiteite.

En dit laat 'n mens wonder: Hoe kon sulke karikature 'n land so lank mislei het, so lank in geestelike kettings gehou het?

Vanweë die feit dat dit 'n Pretoria-rebellie was, was Die Transvaler aan die voorpunt van die heksejag. Maar Die Burger het ook saamgesing - veral om Kaapse ministers te beskerm wat vir die onmenslikste apartheidswette verantwoordelik was.



Daan Swiegers en Willem Kleynhans (agter) en JJN Cloete en Ben Marais (voor)

In sy smeerveldtog verwys Die Transvaler - onder leiding van sulke hoë Afrikaners soos dr GD Scholtz en Jannie Kruger van sensuurraadfaam - na hulle as die "armsalige dertien", "dertien dwalende dosente", "die ondraaglikste vermetelheid" wat die regering in die rug steek terwyl dit die land se moeilike probleme oplos.

'n Paar dae ná die bom besluit Die Transvaler om op 18 Mei in die politieke rubriek "politieke pepertjies" die name te herhaal.

Die rede: "Net vir geval hulle dalk te gou in die vergetelheid verval, druk ek nou dadelik weer die name van die dertien stuks dosente wat gister so astrant uit hul politieke sloffies gekom het, in groot letters."

Kleynhans het dié week gesê: "Die dertien is dankbaar dat Die Transvaler ons name weer gepubliseer het, sodat mense ons nie so maklik sal vergeet nie."

Die doel van die herhaling van die name was duidelik om hulle "voëlvry te verklaar" - soos inderdaad ook gesê is. En om die veldtog van politieke en persoonlike intimidasie teen hulle aan te wakker.

In die Transvaler word die dertien in 'n vloedgolf briewe weke lank veroordeel as oningelig, onnasionaal, naïef, onlojaal, emosioneel en verraderlik.

Een skryf: "Dit is byna te laat om blanke Afrikanerdom te red: laat ons in hemelsnaam tog nie uit eie geledere nou met stokke voor die dag kom om in die wiel te steek van 'n regering wat myns insiens te geduldig te werk gaan met die aartsvyande van die Afrikanerdom nie."

In 'n anonieme smeerbrief aan Ben Marais word gesê: "Nou wil ek jou net sê waarom jy 'n sagte plek het vir die Kleurlinge. Omdat jou vrou Kleurlingbloed in haar het, so sal jou geslag bestaan, en dus voel jy vir selfbeskerming. Ons waarsku jou, jou bliksem, jy sal geveer en teer word soos met die ander."

En ene CA du Toit in Die Transvaler brul dat die dertien name in dik rooi letters bewaar moet word, "sodat die nageslag, al is dit oor 'n honderd of meer jare, kan sien wie vandag in die voorste linie veg teen die opregte pogings vir die behoud van blanke Suid-Afrika."

En die vyf dekane van die Universiteit van Pretoria - almal eerbiedwaardige Afrikaners, maar ja-broers en Broederbonders in die eerste liga - veroordeel hulle kollegas. Hulle was proff EP Groenewald, FP Nel, EM Hamman, LJ le Roux en AN Pelser.

Minister Eric Louw dreig om hul salarisse in te kort. Hy veroordeel universiteitsprofessore, met salarisse deur die staat gesubsidieer, wat aan "'n georganiseerde politieke veldtog deelneem".

Die gevolg van Louw se verklaring was dat dr CH Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria die moontlikheid om hul salarisse is te kort, ondersoek. Maar in 'n vertroulike telegram aan Eerste Minister JG Strijdom verduidelik hy dat omrede die dertien nie hul titels of range vermeld het nie, hy volgens hul diensvoorwaardes dit nie doen nie.

En dan voeg hy angstig by, sodat sy lojaliteit nie onder verdenking moet kom nie: "persverklaring van my sal onder omstandighede sake bemoeilik stop vertrou u begryp stilswye en passiewe houding stop sterkte."

Die Transvaler se politieke rubriekskrywer was in die wolke omdat van die 487 dosente van UP en 47 van Unisa slegs dertien die petisie onderteken het en verklaar: "Uit die 531 het 13 die bevlieging van die eeu gekry."

Ironies, onder dié swygsame lojale akademici wat almal in pas gebly het, was ook die befaamde dr Gerrit Viljoen, vandag minister van Grondwetlike Sake betrokke in onderhandelinge met die ANC.

Kleynhans se kommentaar na al die jare op die swye van die meerderheid was gister: "Dit bewys net die tragedie van hoe totaal die Afrikanerdom gekondisioneer was deur die jare van apartheidsbreinspoeling."

## 'Sy hét sambok op Stompie gebruik'

# Alle vingers wys na Winnie

**CHRISTIAN CHAISE**

WINNIE MANDELA se onlangse terugkeer as leierfiguur in die swart gemeenskap het vandeesweek die wind van voor gekry tydens die hofsaak van een van haar lyfwagte wat teregstaan op 'n aanklag van moord op 'n jeugdige.

Sedert die begin van die verhoor op 2 Mei het verskeie getuies gesê dat Winnie die 14-jarige James "Stompie" Moeketsi Seipei met 'n sambok geslaan het kort voordat sy lyk in Soweto gevind is.

Maandag het die ondersoekbeampte, kaptein Frederick Dempsey, 'n veelkleurige sambok aan die hof gewys, wat Winnie na bewering gebruik het om Stompie en drie ander jeugdiges te slaan wat na haar huis gebring is vir ondervraging.

Stompie is daarvan beskuldig dat hy inligting aan die polisie verskaf het.

Volgens kaptein Dempsey het die polisie bloed aan die mure, plafon en gordyne van Winnie se huis in Soweto, waar die jeugdiges glo aangehou is, gevind. Daar was ook bloed in haar minibus.

Die prokureur-generaal van die Witwatersrand, Klaus von Lieres, het Dempsey egter meegedeel dat hy besluit het om Winnie nie in daardie stadium te vervolg nie.



Winnie Mandela

Nie die aanklaer of die advokaat vir die verdediging het Winnie op hul lys van getuies in die saak teen Jerry Richardson (41) nie. Hulle het geen redes vir dié besluit verstrek nie.

Richardson, sogenaamde afrigter van die Mandela United Football Club, staan tereg op aanklagte van moord, poging tot moord en die ontvoering van drie ander seuns op 28 Desember 1988. Hy pleit onskuldig.

Die drie seuns, Kenneth Kgase, Gabriel Mekgwe en Barend Nono het getuig dat hulle by die Metodistekerk in Soweto deur lede van die Mandela United Football Club ontvoer en na Winnie se huis geneem is.

Richardson het hulle glo daarvan beskuldig dat hulle homoseksuele verhoudings met die wit Metodisteпредikant gehad het. Richardson het gesê Stompie het die ANC aan die Polisie verraai.

Volgens Kgase het Winnie op daardie tydstip tussenbeide getree.

"Sy het iets gesê wat ons baie bang gemaak het: dat ons nie verdien om te leef nie."

Volgens hom het sy toe 'n sambok gegryp waarmee sy al vier jeugdiges genadeloos geslaan het. Haar lyfwagte het haar gehelp.

Op 6 Januarie is Stompie dood gevind met drie steekwonde aan sy nek en kneusplekke oor sy hele liggaam.

Die moord het Winnie, wat as die "Moeder van die Nasie" bekend was, se naam groot skade berokken.

Op 16 Februarie verlede jaar het die pro-ANC United Democratic Front 'n verklaring uitgereik waarin hulle skerp kritiek teen haar uitgespreek het.


Die verklaring het gelui dat sy "die vertroue van die mense" misbruik en geskend het, deurdat sy haar lyfwagte toegelaat het om 'n skrikbewind in Soweto te voer.

Nelson Mandela, wat toe nog 'n gevangene was, het Winnie uit die tronk beveel om die "klub" te ontbind. Volgens Mono het Nelson sy prokureur na Winnie se huis toe gestuur om haar aan te sê om die drie ander jeugdiges vry te laat.

Winnie (56) het daarna 'n lae profiel gehandhaaf, maar sedert haar man se vrylating op 11 Februarie vanjaar het sy hom op verskeie reise - in Suid-Afrika en na die buiteland - vergesel.

Die Mandelas was Sondag in Lagos, Nigerië, waar Nelson sy vrou vuriglik verdedig het. In 'n verwysing na die hofsaak het hy gesê: "Selfs nou, terwyl ek met u praat, word sy in Suid-Afrika deur die regering en sy agente vervolg."

**Nou hoef Bloemfonteiners nie meer naweke buite die dorp te gaan sit en motors tel nie. Want Vrye Weekblad doen nou huisaflewerings in die Vrystaatse hoofstad. Nou is dit net jou eie skuld as jy jou oor naweke verveel.**



**Dit kos net R75 (AVB ingesluit) vir 'n hele jaar, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. Dan het jy die lewendigste koerant in die land op jou voorstoep.**

**Voorlopig sluit dit net die volgende gebiede in: Dan Pienaar, Waverley, Universitas, Westdene, Bayswater, Fichardtpark en die middestad.**

**Stuur jou tjek of poswissel, uitgemaak aan Vrye Weekblad, sommer vandag nog aan: Vrye Weekblad Intekenare, Posbus 10493, Johannesburg 2000. Rig navrae en klagtes aan (011) 497 2911. Ons doen natuurlik reeds huisaflewering in Pretoria, Groter Johannesburg, die Oos- en Wes-Rand en die Vaaldriehoek. (En ons werk aan Kaapstad, Paarl, Stellenbosch, Wellington, Somerset-Wes en Strand...)**

| Inskrywingsgelde: | ses maande | twaalf maande |
|---|---|---|
| Suid-Afrika, Namibia en tuislande | R40 | R75 |
| Lugpos na Botswana, Swaziland, Lesotho Zambia, Mosambiek | R130 | R240 |
| Lugpos na Zimbabwe | R50 | R90 |
| Lugpos na Engeland | R150 | R280 |
| Lugpos elders | R190 | R350 |

*'n Skool sonder grense*

# Waar niemand vryheid vrees nie

PEARLIE JOUBERT

NET noord van Johannesburg, is daar 'n skool met 285 kinders. Die kinders is salig onbewus daarvan, maar apartheid en die Wet op Groepsgebiede is die rede waarom die skool gestig is.

Langs die Jukskei-rivier en tussen hoë bome staan geboue wat spesiaal ontwerp is om by die omgewing in te skakel. Die argitek, Roy Lloyd, het al die klaskamers, die biblioteek en die koshuis-kompleks ontwerp sodat die kinders tussen hul klasse in die son of reën kan stap - die geboue moes verbruiker-vriendelik wees en al die klaskamers is só ingerig dat die onderwysers en kinders gemaklik voel.

Woodmead-hoërskool bestaan reeds vanaf 1970 en is gestig om weg te breek van die tradisionele Engelse private skool-tradisie.

Steyn Krige, wat eers die hoof van die St Stithians College was, het Woodmead begin omdat hy gevoel het die Engelse skooltradisie is oudmodies en nie toepaslik vir Afrika nie.

Hoewel Woodmead eers net 'n blanke seunskool was, is dié skool sedert die Soweto-onluste van 1976 'n nie-rassige skool vir seuns en dogters.

"In 1976, na die Soweto-opstande, het die Woodmead-raad 'n bewustelike keuse gemaak om die reëls van die regering ten opsigte van rasgeskeide skole te verbreek," sê Allan Graham, die skoolhoof.

Graham sê hy sal graag meer Afrikaanse kinders in Woodmead wil hê. "Dit is nie 'n politieke skool nie. Die AWB se kinders is ook welkom hier. Solank mense mekaar in ag neem, is kinders met uiteenlopende agtergronde welkom."

Dié skoolhoof dra nie 'n pak klere soos ander skoolhoofde nie, hy glo nie aan lyfstraf of apartheid nie en sê Woodmead bestaan om kinders voor te berei vir die nuwe Suid-Afrika.

"Woodmead sê dit al jare lank en dit is lekker om te sien dat ons nou werklik in die rigting van 'n nuwe Suid-Afrika begin beweeg."

In 1977 het die skoolraad ook besluit dat skooldrag nie meer nodig is nie.

Die werklike waarde van Woodmead lê egter nie daarin dat dit 'n nie-rassige skool is nie, maar in die leerplan wat daarop ingestel is om kinders gereed te maak vir universiteit en die lewe.

Die leerplan vanaf standerd agt is presies dieselfde as ander skole s'n, maar in standerd ses en sewe word Engels, geskiedenis en aardrykskunde as een kursus, Geïntegreerde Studies, aangebied. In dié kursus word kinders geleer om selfstandig navorsing te doen, biblioteke te gebruik en doeltreffend te studeer.

In standerd agt bied die skool ook 'n verpligte kursus aan waar die leerlinge seks, dwelms, verhoudings met ouers en politiek bespreek.

"Ouers stuur hul kinders na Woodmead weens die goeie akademiese reputasie wat ons het," sê Graham. "Swart kinders kom ook hierheen omdat hulle weet die skool het geen versteekte agenda nie. Swart kinders, soos wit kinders, het ewe veel kans om tot die skool toegelaat te word. Daar word teen niemand gediskrimineer nie en die mense weet dit."

Volgens Graham en Loyd Smuts, 'n onderwyser by die skool en in beheer van die beurse en lenings, is dit nie net die hoër inkomstegroepe wat kinders na Woodmead stuur nie. "Beurse maak dit vir die armste ouers moontlik om hul kind na Woodmead te stuur. Ons vra slegs vir ouers om te betaal wat hulle kan, en die res word deur beurse aangevul."

Die skool het 15 jaar lank in sinkgeboutjies bestaan. Vandag is dié geboutjies, wat langs die skool staan, 'n kleuterskool vir swart kinders van die omgewing.

"Ons glo nie daaraan om kinders te straf nie, maar praat eerder met hulle oor selfdissipline sodat hulle self ook leer. Universiteite en ander opleidingsinrigtings laat weet jaarliks aan ons dat die kinders wat by Woodmead gematrikuleer het baie volwasse is en dat hul akademiese vordering uiters goed is," sê Smuts.

Onderwysers en kinders noem mekaar op die voornaam en die patriargale stelsel van veral Afrikaanse skole, word doelbewus afgebreek. "Ons behandel mekaar met respek en onderwysers en kinders moet almal die Woodmead-manifes nakom," sê Graham.

Die manifes bestaan uit vyf punte: Betroubaarheid, hoflikheid en konsiderasie, objektiwiteit, opgelegde verpligtinge moet nagekom word, spesifieke bevele moet gehoorsaam word en diens aan die gemeenskap.

Graham vertel dat die leerlingraad van die skool, wat deur die kinders gekies word, baie vinnig aan onderwysers vertel as hulle oor iets ontevrede is. "Ons het egter nog nooit enige probleem met dissipline ondervind nie - onderwysers en kinders behandel mekaar met respek," sê Graham.



**In die kunsklas by Woodmead - hier respekteer die leerlinge en onderwysers mekaar.**

# *Die grondwet is 'n land se outobiografie*

ELSABÉ WESSELS

KAAPSTAD - 'n Land se grondwet behoort soos 'n outobiografie van sy mense te lees. Daarom is dit nodig dat Suid-Afrikaners uit alle sektore nou insette lewer om die breë riglyne vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse grondwet neer te lê.

Dis Albie Sachs se raad. Sachs, 'n lid van die ANC se departement van Justisie en Staatkunde, het 'n leidende rol in die opstel van die ANC se grondwetlike voorstelle wat in Augustus 1988 gepubliseer is, gespeel. Hy is na 24 jaar in ballingskap op 'n maand lange besoek aan Suid-Afrika.

Aan gelowiges, vroue, homoseksuele, werkers, en watter belangegroepe ook al, lewer Sachs sy persoonlike pleidooi vir aktiewe betrokkenheid by die opstel van 'n nuwe grondwet vir 'n verenigde, nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika. "Dis nie die werk van 'n paar slim prokureurs om Suid-Afrika van 'n nuwe grondwet te voorsien nie. Dis die plig van elke Suid-Afrikaner om te verseker dat daar na sy belange omgesien word," sê Sachs.

In Kaapstad byvoorbeeld het Sachs, 'n uitgesproke voorstaander van godsdiensvryheid, op verskeie geleenthede geloofsgroepe aangemoedig om aan die grondwetlike debat deel te neem.

Die belangrikheid van georganiseerde godsdiens in Suid-Afrika moet *nooit* oor die hoof gesien word, sê *Sachs*. Godsdiens is eie aan die lewe en kultuur van die meerderheid van Suid-Afrikaners. Godsdienstige leiers en groepe het 'n belangrike rol gespeel in die afbreek van apartheidskanse en die verkondiging van regverdigheid, sê Sachs.

As Sachs sy sin kry, sal elke sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing nou ernstige aandag skenk aan die omvang en inhoud van 'n nuwe grondwet.

Die verskansing van vroueregte in die grondwet is 'n saak wat Sachs na aan die hart lê. Dit is die verantwoordelikheid van vroue-organisasies en belange-groepe om die nodige insette te lewer sodat 'n duidelike vrouestem oor die kwessie van geslagsregte in die grondwet weerklank vind.

Die hele kwessie rondom persvryheid moet nie net aan grondwetskrywers oorgelaat word nie. Joernaliste en mediawerkers moet nou inspring om 'n kode vir persvryheid op te stel, sê Sachs.

Die rede vir sy popularisering van die skryf van die grondwet is eenvoudig. Wanneer gekose verteenwoordigers aansit om die grondwet te skryf, moet daar reeds breë riglyne wees waarvolgens hulle kan werk, sê Sachs en verwys na Namibia waar sulke riglyne bepaald was in die karakter van die nuwe grondwet.

"Pretoria se posisie dat 'n nuwe grondwet agter geslote deure opgetrek word en dan daarna aan verskillende groepe in verskillende referendums vir goedkeuring voorgelê word, is nie aanvaarbaar nie," sê Sachs.

Volgens Sachs is dit jammer dat die regering klaarblyklik besig is om 'n formule te soek wat rasse-bevoorregting verdoesel. Dit is, soos die Amerikaners sê, Mickey Mouse-politiek, sê Sachs.

Beskerming op grond van ras kan nie in die grondwet toegelaat word nie. Sachs verwerp onomwonde rassebevoordeling in enige vorm, "hetsy as vrywillige assosiasie, privatisering of minderheidsregte".


Die enigste aanvaarbare konsep van minderheidsregte is die beskerming van taal, kultuur en godsdiens, sê hy.

Volgens Sachs onderskryf die ANC dié regte omdat hul beleid geskoei is op 'n beginsel van demokrasie, 'n waarborg van individuele regte en vryhede en 'n respek vir taal-, godsdiens- en kulturele regte.

Ondanks die omstredenheid van die saak is Sachs nie ten gunste van die verskansing van grondbesit in 'n grondwet nie. Volgens Sachs kan dié debat rondom grondbesit op 'n partypolitieke grondslag of op parlementêre vlak aangespreek word.

"Dit is en was nog nooit die doelstelling van die ANC om iemand se kat of hond te nasionaliseer nie," sê hy. Waarborge rondom persoonlike en huishoudelike eiendom behoort volgens hom nie 'n probleem te wees nie.

Wat grond en ander produktiewe eiendom betref, volgens Sachs, kan die grondwet ingespan word om byvoorbeeld sekere beginsels te bepaal. Sulke onteiening sou regverdig wees in gevalle waar grond op 'n onregverdige manier bekom is, soos byvoorbeeld deur die Wet op Groepsgebiede, die Wet of Grondbesit, en die vergryp van sommige tuislandleiers.



**Albie Sachs**

*(Foto: Rashid Lombard)*

Die hele kwessie van kompensasie moet bespreek word. Sachs verwys weer na Namibia se grondwet wat ruimte vir "regverdige kompensasie" skep. Sulke regverdige kompensasie sluit in faktore anders as bloot die markprys. So byvoorbeeld sal 'n grondeienaar wat nie sy land bewoon nie minder kompensasie ontvang indien die grond aan gesinne gegee word wat daar leef en die land bewerk.

Daar sal nog heelwat debatte rondom dié saak gevoer moet word, sê Sachs. Die regverdige toegang tot grond en die regstelling van die huidige onregverdige bestel, sal met groot omsigtigheid benader moet word, waarsku Sachs.

AGTERGROND

*Angola: vrede ná al die bloed?*

# 'n Stowwerige begraafplaas in die middel van nêrens...

**Ná van die hewigste gevegte sedert die Angolese oorlog in 1975 losgebars het, lyk die kanse op vrede in dié verskeurde land beter as ooit. CHRISTELLE DE JAGER was dié week saam met die Unita-troepe by die gevegsterrein by Mavinga, en het met kenners oor die moontlikhede van 'n skietstaking gesels**


VAN 'n afstand lyk dit surrealisties en spookagtig. 'n Sanderige begraafplaas vir tientalle Angolese soldate en guerrillas in die middel van die digte bos.

Die lug hang stil en warm oor die terrein 10km noordwes van Mavinga waar Unita sê daar op 6 en 7 Mei die grootste geveg sedert 1976 tussen die Fapla-magte van die MPLA-regering en Jonas Savimbi se Unita-rebelle plaasgevind het.

Joernaliste is dié week deur Unita na die terrein geneem, wat volgens Unita die voor-beheerpos was vir Fapla-magte waarvandaan hulle aanvalle wou loods om Mavinga oor te neem.

Twee weke gelede was dit die toneel van 'n deurslaggewende geveg waarin Unita 'n aanslag van 137 dae op Mavinga deur Fapla-magte finaal afgeweer het.

Maar die MPLA ontken dat hulle bloedneus geslaan is. Hulle sê hulle het Mavinga oorgeneem en toe troepe na die noorde herontplooi om nuwe aanvalle deur Unita daar te bekamp.



'n Unita-soldaat staan by die graf van 'n MPLA-soldaat op die slagveld van Mavinga
(Foto: Philip Littleton - UPI)

Wat ook al die waarheid is, albei kante het 'n hoë prys vir die gevegte betaal. Tekens van die woeste gevegte en die dood lê nog oral oor die gebied van sowat vier vierkante kilometer wat vir baie soldate 'n laaste rusplek geword het.

Rowwe houtkruise waarop daar net nommers en bliklampe van herinnering is, is in die sand geplant waar Fapla-soldate begrawe is.

Tussen die nou verlate loopgrawe en ondergrondse bunkers lê daar staalhelms, stewels, bosbaadjies, leë blikkies sardiens, Portugese koerante en pakkies plofstof.

Uitgebrande, verminkte en opgeblaasde vragmotors en gepantserde troepedraers staan orals in die sand waar landmyngate volop is - monumente tot die geweld wat plaasgevind het.

Unita sê dat baie wapens deur die Fapla-magte agtergelaat is, iets wat aandui dat hulle vinnig moes wegkom. Fopmyne is egter op baie van die wapens gestel voor hul vertrek, maar Unita sê dit was kru gestel en maklik om te ontlont.

Mavinga is strategies 'n belangrike gebied vir die MPLA. Dit het 'n landingstrook - nou heeltemal vernietig - wat dit moontlik sou maak vir die MPLA om die Unita-hoofkwartier, Jamba, 200km verder suid, uit die lug aan te val as hulle dit sou beheer het.

Unita sê hulle het self die landingstrook opgeblaas as 'n veiligheidsmaatreël nadat Fapla-magte teen die einde van Januarie die Lombarivier oorgesteek het.

Vliegtuie van die Angolese lugmag bombardeer die gebied om Mavinga en Jamba nog steeds en joernaliste het hulle oor die naweek oor die Mavinga-gebied hoor vlieg.

Die aanvalle is ondoeltreffend want die reikafstand van Fapla se lugbasis by Cuito Cuanavale noordwes van Mavinga is te ver om vliegtuie toe te laat om langer as vyf minute oor Jamba te vlieg.

Volgens Unita het omtrent 9 000 Fapla-soldate op 21 Desember uit Cuito Cuanavale gestroom om 'n "finale aanslag" op Unita te loods met die uiteindelike doel om Mavinga oor te neem waarvandaan aanvalle op Jamba geloods sou kon word.

Dit was die eerste keer dat Unita en Fapla in 'n regstreekse konfrontasie was sonder buitelandse bystand: Unita sonder die Suid-Afrikaners en Fapla sonder die Kubane.

Unita maak daarop aanspraak dat hul 139 Fapla-soldate doodgemaak het in die deurslaggewende tweedaagse geveg en 1 062 sedert die begin van die offensief.

Hulle wou nie hul eie verliese bekend maak nie en het gesê hul "werk nog daaraan". Savimbi het egter gesê dat 10 bevelvoerders met 'n hoë rang aan die Fapla-kant dood is en ses aan die Unita-kant.

## Vrede nader as ooit

DIE onlangse gebeure in Angola dui daarop dat vrede miskien in die nabye toekoms 'n werklikheid kan word vir die mense van dié oorloggeteisterde land, sê kenners op die gebied van Suider-Afrikaanse en internasionale politiek.

Bob Jaster, 'n navorser verbonde aan die Internasionale Instituut vir Strategiese Studies in Londen en 'n gerespekteerde kenner van Angola, sê die kanse vir vrede in Angola is nou beter as ooit.

Volgens die leier van Unita, Jonas Savimbi, kan daar binne die volgende paar weke verdere gesprekke tussen die MPLA-regering en Unita verwag word. Verkennende gesprekke tussen Savimbi en die Angolese president, José Eduardo dos Santos, is reeds op 24 en 25 April in Lissabon gehou, met die Portugese regering as bemiddelaar.

Die Amerikaanse onder-minister van buitelandse sake belas met Afrika, Herman Cohen, het dié week in Kinshasa aangekom vir gesprekke oor die Angolese konflik. Hy sal met pres Mobutu Sese Seko, vir wie Cohen as die "enigste amptelike bemiddelaar" beskou, en met Savimbi samesprekinge voer.

Savimbi het by 'n perskonferensie in Mavinga gesê die Lissabon-gesprekke was positief en hy hoop dat 'n skietstaking binne drie tot vier maande onderhandel kan word, en dat demokratiese verkiesings binne 'n jaar in Angola gehou kan word.

Jaster sê die aanslag op Mavinga deur die MPLA was 'n laaste probeerslag om die Unita-hoofkwartier, Jamba, oor te neem voor onderhandelinge plaasvind, veral in die lig daarvan dat Unita nou sonder die steun van die Suid-Afrikaanse Weermag is.

Om Jamba te wen, sou 'n belangrike simboliese oorwinning vir die MPLA gewees het en hul in 'n sterk posisie geplaas het by die onderhandelingstafel.

Jaster meen egter dat die probeerslag deur die MPLA om Jamba te neem die laaste sal wees.

"Die MPLA was nog nooit eintlik 'n verenigde groep nie en my gevoel is dat daar sterk gedebatteer is in die organisasie oor die wysheid van die aanval. Ek is seker daar was lede van die MPLA wat daarteen gekant was, maar dat daar toe besluit is om nog een keer te probeer.

"Toe hulle agterkom hul verliese word te groot en die situasie word te moeilik, is daar teruggetrek."

Jaster sê egter dat al het Unita die aanval afgeweer, moes dit hulle duur gekos het. Unita is nou in 'n moeilike logistiese posisie weens die onafhanklikheid van Namibia en is deur Amerikaanse wapenbystand in die Mavinga-aanval gered.

Voorheen het hul voorrade soos brandstof en kos van Suid Afrika deur Namibia ontvang, wat nie meer moontlik is nie. Dit is dus logisties moeilik vir albei kante om nou nog hul posisies op die grond veel te verander," sê Jaster.



Die oorblyfsels van 'n Russies-vervaardigde troepedraer
(Foto: AP)

Hy glo ook dat daar op albei kante buitelandse druk is vir 'n onderhandelde skikking. "Die Russe sê jare reeds vir die MPLA dat die oorlog 'n nie-oorwinningsituasie is en dat 'n onderhandelde skikking bewerkstellig moet word. Suid-Afrika is amptelik uit die oorlog en Amerika is ook moeg daarvoor en plaas ook druk op Unita om te onderhandel.

"Albei kante begin nou die duur prys van die oorlog voel en is gereed om toegewings te maak. Of die uitkoms vrede sal wees, kan ek nie sê nie, maar volgens my bronne gaan daar binne die volgende twee maande gewis ernstige onderhandelinge plaasvind."

Prof Peter Vale, direkteur van die Sentrum vir Suider-Afrikaanse Studies aan die Universiteit van Wes-Kaapland, sê hy vertolk die hewige gevegte van die afgelope vier maande tussen die MPLA en Unita as "die begin van die einde van oorlog".

"Teenstrydige weergawes van wat gebeur het, is deur albei kante gegee. Maar wat wel duidelik is, is dat albei kante groot verliese gely het. Daar was klaarblyklik 'n grootskaalse geveg wat nie 'n duidelike wenner opgelewer het nie," sê hy.

Vale sê die jare van oorlog in Angola, eers teen die kolonialisme van die Portugese en die afgelope 15 jaar tussen die MPLA en Unita, was 'n menslike en ekologiese ramp vir die land gewees.

"Op die ou end raak mense moeg vir oorlog en ek dink albei kante besef nou dat die land net nie meer die negatiewe uitwerking van die oorlog kan hanteer nie."

Vale en Jaster meen albei dat die afwesigheid van buitelandse magte soos die Kubane en Suid-Afrikaners die moontlikheid van 'n skikking en vrede in Angola baie vergroot het.

## Wet en Orde, sê Vlok

# Die polisie se 'onverbiddelike riglyne'

**Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het menige wenkbroue laat lig met sy "hartlike" en "vriendelike" gesprekke met die AWB-leier, Eugene TerreBlanche, dié week - enkele dae ná die AWB se openlike militarisme by 'n "kommando-oefening" op Ventersdorp verlede naweek. Voor die naweek het Vrye Weekblad bewyse gepubliseer dat Vlok volledig ingelig was oor die Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo se terreurdade in buurstate - en Vlok het niks daaraan gedoen nie. PEARLIE JOUBERT het 'n paar vrae aan Vlok gestel**

Voordat ek spesifiek op die vrae antwoord, wil ek graag die volgende inleidende opmerkings maak:

Ek en die Suid-Afrikaanse Polisie is verantwoordelik vir die beskerming van en dienslewering aan die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap. By ons maak dit nie saak wat die geslag, geloof of velkleur is nie. Wanneer ons ons taak uitvoer, gaan dit ook nie vir ons daaroor of 'n man links of regs is nie, of wat sy partypolitieke filosofie is nie.

Daarom mag die Suid-Afrikaanse Polisie nie deelneem aan partypolitiek nie en verleen ons byvoorbeeld beskerming aan die ANC-afvaardiging wat met die regering kom onderhandel.

Die SAP wil nie deur enige politieke party of organisasie vir partypolitieke gewin gebruik of opgeëis word nie. Daarom is die SAP besig om doelgerig en vasberade 'n beeld van 'n nie-politieke beskerming en diensorganisasie op te bou. Enigiemand wat probeer om die polisie 'n ander kleed om te hang, doen dit tot die nadeel van die mag en die land.

Onder baie moeilike omstandighede en ten spyte van beskuldigings daaroor probeer ons om absoluut onpartydig teenoor mense en groepe, links en regs van die politieke spektrum, op te tree. Daarom voer ons gesprekke met een en almal wat moontlik 'n bydrae tot kalmte, rus en vrede in ons land kan lewer. Daarmee sal ons voortgaan, want ons is absoluut oortuig dat ons alles moontlik moet doen om geweld tot bedaring te bring en dat dit beter is om te luister en te praat as om te skiet.

Daarvoor vra ons nie om verskoning nie - dit beteken ook hoegenaamd nie dat ons kant kies nie.

Pogings om óf my óf die SAP te probeer etiketteer as simpatiek teenoor 'n betrokke groep soos byvoorbeeld die AWB, is deursigtige propaganda. Die werklike feite spreek hard en duidelik daarteen - ons pas gelykberegtiging op almal toe. Wat geld vir die een, geld vir die ander. Ons probeer die wette van die land billik en regverdig toepas op een en almal. Dit is 'n onverbiddelike riglyn wat ons vir onsself stel.

**Hoekom is die AWB nog nie verbied of geen inperkings op dié organisasie se bedrywighede geplaas nie?**

Dit is die uitgesproke en verklaarde doelwit van die regering om meer demokratiese politieke aktiwiteite en vryhede in Suid-Afrika toe te laat - nie minder nie. Dit beteken onder meer dat politieke partye en organisasies as sodanig toegelaat sal word om vrylik politiek te bedryf en dat hulle bedrywighede nie om daardie rede aan bande gelê moet word nie - mits hulle natuurlik binne die bepalings van die landswette optree!

Dit het daartoe gelei dat die verbod op die ANC en ander organisasies op 2 Februarie opgehef kon word.

Dieselfde beginsel geld ook die AWB, soos vir alle ander organisasies, en solank die AWB binne die bepalings van die wet bly, kan daar nie teen hom opgetree word nie.

Soos met enige ander organisasie, sal daar egter nie 'n oomblik gehuiwer word om op te tree, indien die veiligheid van die Staat of die publiek, en die handhawing van die openbare orde in gevaar gestel word.

Hierdie uitgangspunt van die regering bring ook mee dat daar in gevalle van hierdie aard toenemend teen die persone wat oortree, opgetree sal word en nie teen die politieke party of organisasie per se nie.

**Gesien in die lig van die feit dat die AWB en ander regse organisasies besig is om hulself militêr te organiseer en in die kommando's te groepeer, hoekom tree die staat nie teen hulle op nie?**

Dit was en is nog nooit onwettig om jouself onder bepaalde omstandighede te verdedig nie. Dit is 'n basiese reg van elke mens.

Die AWB, by monde van sy hoofleier, gee in die openbaar die versekering dat hulle slegs hulle mense oplei om presies dit te doen - die dames in skietklubs, die mans met knuppels, ens. (In dié verband is dit 'n feit dat daar vandag honderde ander skietklubs, los van die AWB, funksioneer.)

Die organisering in sogenaamde "kommando's", wat 'n moontlike alternatiewe struktuur daarstel, is egter kommerwekkend en onaanvaarbaar. Wat dit egter aanbetref, gee die hoofleier van die AWB weer eens, in die openbaar, die versekering dat hulle nie "besig is om 'n boereleër op te bou nie, maar slegs besig is om personeel op te lei om hulself te verdedig." En verder: "Die beweging is nie van plan om 'n eie polisiemag of leër tot stand te bring nie."

Indien dit volgens feite sou blyk dat dit nie so is nie, staan die AWB en sy hoofleier in die openbaar skuldig dat hulle 'n onwaarheid verkondig het.

In dié verband is dit egter 'n feit dat die ANC ook goed georganiseer is en oor die dienste van Umkhonto we Sizwe beskik. Dit is ewe kommerwekkend en onaanvaarbaar.

Daarbenewens is daar inligting beskikbaar dat sekere linkse organisasies tans besig is om duisende sogenaamde "marshalls", "task forces" en "comrades" te organiseer en op te lei. Dit is ewe kommerwekkend en onaanvaarbaar.

Hierdie soort van aktiwiteit is myns insiens onverstaanbaar met die voer van vrye demokratiese, politieke aktiwiteite. Daarom word die situasie met die grootste noukeurigheid dopgehou. Indien enige van dié organisasies, deur hierdie optredes van hulle, die veiligheid van die staat of die publiek of die handhawing van die openbare orde in gevaar stel, sal daar onverwyld teen hulle opgetree word.

**Hoekom is daar bykans geen regses in aanhouding nie in vergelyking met die aantal linkses in die tronke - ek vra dit ook na aanleiding van onder meer die Ikageng Civic Association se leierskap wat vroeg verlede week in hegtenis geneem is?**

Mense in die tronke is daarheen gestuur deur bevoegde howe, na oorweging van getoetste getuienis. Vir die howe het dit nie gegaan oor "links" of "regs" nie, maar of 'n misdaad gepleeg is al dan nie.

Mense word ook nie aangehou omdat hulle "links" of "regs" van die regering is nie. Hulle



Adriaan Vlok

kan slegs aangehou word omdat hulle 'n misdaad gepleeg het of die landswette oortree het. In dié verband sal iemand byvoorbeeld slegs ingevolge die Noodregulasies aangehou mag word, indien hy die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde deur sy aktiwiteite in gevaar gestel het, en die opheffing van die noodtoestand vertraag het.

**Watter aspekte oorweeg die regering wanneer beperkinge op 'n organisasie ter sprake is?**

Indien die AWB, soos enige organisasie, 'n misdaad pleeg of die landswette op welke wyse ook al oortree, sal 'n dossier geopen en aan die betrokke Prokureur-generaal vir 'n beslissing voorgelê word.

Dit is konsekwent in die verlede gedoen en sal in die toekoms steeds gedoen word.

Indien die bedrywighede van die AWB of enige ander organisasie van so 'n aard is dat dit die veiligheid van die openbare orde in gevaar stel, sal daar sonder aansien des persoons teen óf die organisasie óf betrokke lede ingevolge die land se veiligheidswette opgetree word.

Dié soort optrede moet egter ook berus op inligting en feite en nie bloot op persepsies nie. Daarom word die doen en late, waaronder die dade van so 'n organisasie, voortdurend noukeurig dopgehou en geëvalueer.

**Hoekom sien jy 'n afvaardiging van die AWB terwyl jy nooit lede en organiseerders van linkse organisasies gesien het voordat die regering besluit het om 'n verbod op dié organisasies te lê nie?**

Voor 2 Februarie is daar ook beperkings op regse organisasies geplaas sonder om met hulle gesprek te voer. Ek verwys byvoorbeeld na die Blanke Bevrydingsbeweging en die Blanke Nasionale Beweging.

Daar is ook 'n verbod op die dra van vuurwapens deur die AWB by byeenkomste geplaas - sonder om hulle vooraf te spreek. Terloops, die verbod geld vandag steeds - die enigste organisasie ten opsigte van wie so 'n verbod tans nog bestaan.

Gedurende 1989 en vroeg in 1990 is daar deur my ook oor verskeie aangeleenthede samesprekings gevoer met leiers van verskeie linkse organisasies, waaronder die UDF en Cosatu.

**Hoe sien die regering tans die AWB - ten opsigte van die moontlikheid dat die AWB en ander regse groeperinge die planne van die regering moontlik skade kan berokken?**

Die regering is vasbeslote om sy reeds aangekondigde en ook verder regverdige en noodsaaklike hervormingstappe op verantwoordelike wyse deur te voer. Dit sal in die beste belang van al die inwoners van die land wees.

Tans is daar groeperinge links en regs van die regering, insluitende die AWB, wat nie daarmee saamstem nie. Dit is hulle demokratiese reg om daarvan te verskil en om dit in die openbaar ook te sê.

Indien hulle egter in die proses 'n misdaad pleeg of enige landswette oortree, sal daar sonder aansiens des persoons teen hulle opgetree word. Intimidasie en geweldpleging wat die veiligheid van die publiek en die handhawing van die openbare orde in gevaar stel, sal onder geen omstandighede geduld word nie.

Solank die regses en ook die linkses beskaafde demokratiese politiek bedryf, is dit goed en sal dit nie skadelik vir die regering se planne wees nie.

Intimidasie, oproer en geweldpleging uit watter oord ook al, sal egter wel 'n negatiewe effek op die hervormingsinisiatiewe hê - daarom moet alles moontlik gedoen word om dit te voorkom.

WOODMEAD SCHOOL

HUMANITAS

BEURSE

DRIE BEURSE WAT VOLLE ONDERRIGFOOIE VIR STANDERD 6 IN 1991 DEK, IS BESKIKBAAR VIR:

1. Wiskunde en Wetenskap
2. Engels en die Geesteswetenskappe
3. Kuns

Beurseksamens: Saterdag, 9 Junie

Nie-beursaansoeke vir alle standerds is ook welkom

Koshuisgeriewe beskikbaar

*Aansoekvorm en besonderhede is beskikbaar by die hoof se sekretaresse by (011) 708-1849, of skryf aan Posbus 68068, Bryanston 2021*

*Só werk die Burgerlike Samewerkingsburo*

# 'n Sinistere monster met vele koppe

**Dit begin duidelik word dat die Suid-Afrikaanse Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) nie bloot een kop van 'n veelkoppige monster is nie, maar 'n afsonderlike veelkoppige monster. Dit het begin as 'n geheime organisasie wat die regering se "vyande" moes vernietig en ontwrig, maar dit het nou veel meer geword - 'n organisasie wat elke aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing binnegedring het en baie moeilik gestuit of ontbind kan word. JACQUES PAUW verduidelik hoekom**

OP 'n dag in 1988 het 'n groep van Suid-Afrika se mees gevreesde en bes opgeleide soldate om 'n tafel gaan sit en 'n meesterplan begin uitskrum om 'n baie, baie spesiale weermageenheid saam te stel.

Dit moes só gestruktureer word dat dit totaal op sy eie kan funksioneer: eie wapens, eie inligting, eie fondse.

Dit moes só geheimsinnig en diep weggebêre word dat die een lid nie moes weet wie die ander is nie, dat nie eens die generaal weet wie almal vir hom werk nie en dat lede soms selfs nie eens weet vir wie hul regtig werk nie.

*'Generaal Eddie Webb en kolonel Joe Verster weet nie eens wie almal vir hulle werk nie. Nie een van hulle weet wie al my operateurs is nie. My operateurs weet ook nie almal wie ek is nie. Dis 'n ingewikkelde stelsel van aliasse, vals name en 'n kommunikasiekanaal wat almal beskerm.'*

Dit moes 'n eenheid wees, saamgestel uit die heel bestes, wat die "vyand" op enige plek, enige manier en enige tyd kon vernietig sonder dat die spore ooit na die SA Weermag kon wys.

Die groep soldate het gaan kyk na die Amerikaanse CIA, die Israeli's se Mossad, die Russe se KGB en selfs na die ANC se eie intelligensienetwerk.

Uit hierdie dinkskrum is 'n nuwe organisasie gebore wat die afgelope jare byna elke faset van die Suider-Afrikaanse lewenswyse binnegedring, gedestabiliseer en ontwrig het.

In ons buurstate het naamlose bomme mense se arms afgeruk en huise platgevee, ministers is omgekoop en amptenare het gunste vir "groepe sakemanne" gedoen en cholera-kieme het onverklaarbaar in vlugtelingskampe se water beland. Moordlyste is saamgestel en teikens uitgesoek.

Getuienis is al gelewer en dokumente oor bisarre planne om 'n aapfetus voor biskop Desmond Tutu se huis te los, om adv Dullah Omar se hartpille te vervang met ander wat hom 'n hartaanval sal gee en 'n Durbanse prokureur te vergiftig met gif wat op sy skeermeslemmetjies gesit is.

Vandag is hierdie organisasie, wat veronderstel was om só perfek te funksioneer, tot 'n groot mate ontmasker. Die totale aanslag, kommunisme en Umkontho we Sizwe het plek gemaak vir 'n nuwe monster in ons midde: die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB).

Die afgelope weke het talle van sy lede voor die Harms-kommissie getuig oor die binnelandse projekte wat hy bedryf het. Twee van sy lede het onlangs met Vrye Weekblad oor die werklike omvang en bedrywighede van die BSB gesels.

"Die BSB is soos 'n slang waarvan net sy vele koppe uitsteek. Kap een af, en 'n ander groei in sy plek uit. Die lyf bly ongestoord voortbestaan. Die BSB kan nie gestop word nie," sê Pieter Botes, gewese streeksbestuurder van die BSB. Hy was een van die manne wat die BSB in sy huidige vorm help uitdink het.

"Die BSB dring elke vlak van die Suid-Afrikaanse samelewing binne. BSB-lede werk by die SA Polisie, Eskom, die Pretoriase Stadsraad, die Departement van Binnelandse Sake en selfs die Nasionale Intelligensiediens," sê hy.

Botes sê die BSB is só uitgewerk dat hy kan bly voortbestaan al word sy topstruktuur afgedank, sy fondse afgesny en sy inligtingsbronne weggeneem.

"Generaal Eddie Webb en kolonel Joe Verster weet nie eens wie almal vir hulle werk nie. Nie een van hulle weet wie al my operateurs is nie. My operateurs weet ook nie almal wie ek is nie. Dis 'n ingewikkelde stelsel van aliasse, vals name en 'n kommunikasiekanaal wat almal beskerm," sê Botes.

Webb het voor Harms getuig dat die BSB uit sowat 139 "bewuste" en 150 "onbewuste" lede bestaan. Botes meen dat dit maar bloot die mense is waarvan Webb weet, want daar moet talle ander wees wat nie aan hom bekend is nie.

Die BSB, wie se verklaarde beleid dit is om enige "vyand van die Republiek" maksimaal te ontwrig, het die afgelope twee jaar ontstellend gegroei.

Die begroting vir die BSB vir die laaste finansiële jaar het minstens R28 miljoen beloop. Die vorige jaar was dit net R13 miljoen.

Daarbenewens word spesiale projekte uit spesiale fondse gefinansier en het die BSB sy eie maatskappy wat bykomende fondse genereer.

Die Minister van Verdediging, genl Magnus Malan, sê hy het eers laat verlede jaar bewus geword van die bestaan van die BSB. Tog het genl Witkop Badenhorst, hoof van Staf Inligting, voor die Harms-kommissie getuig dat alle BSB-operasies met politieke implikasies deur die Minister van Verdediging goedgekeur moes word.

Daar is heelwat getuienis dat die BSB by politieke operasies betrokke was, onder meer die ontwrigting van Swapo en die Verenigde Volke tydens die verkiesing in Namibia verlede jaar.

Die BSB en sy lede word beskerm deur 'n ingewikkelde stelsel van afsnypunte, aliasse en vals name en 'n uitgebreide veiligheidstelsel waaraan elke lid moet voldoen.

Die topstruktuur bestaan uit die besturende direkteur, sy tien streekbestuurders en tien koördineerders. Onder hulle is daar hanteerders en operateurs, bewuste en onbewuste lede en direkte en indirekte lede. Hulle maak op hulle beurt selle op.

Die hele struktuur is so saamgestel dat dit as burgerlike organisasie opereer. Elke lid van die BSB moes 'n 'n burgerlike "dekking" hê sodat hy nooit met die BSB of die Weermag geassosieer kon word nie.

Botes sê dat toe hy die dag aangestel is by die voorganger van die BSB, hy nie geweet het vir wie hy gaan werk of presies wat hy gaan doen nie. Daar is bloot gepraat van "'n organisasie". 'n Maand later is eers aan hom verduidelik hoe die organisasie werk.

Die tien streeksbestuurders ken mekaar nie almal nie, terwyl die hanteerders binne dieselfde streek ook nie van mekaar bewus is nie. Die een sel weet nie van die volgende se bestaan nie.

Lede op die laer vlak ken die lede hoër op net op vals name, terwyl hul ook nie veronderstel is om te weet hul werk in werklikheid vir die Weermag nie.

Meeste weet nie eens hul werk vir 'n "maatskappy" met die naam BSB nie. Ondergeskikte lede kan net per "pager" met hul hanteerders in verbinding tree.

"Die organisasie is so saamgestel dat sou 'n operateur gevang word, hy nie die regte naam adres of telefoonnommer van sy hanteerder ken nie. Sou iemand 'n bom plant en gevang word, weet niemand vir wie hy dit gedoen het nie," sê Botes.

Hy sê dis selfs uit die lêers van die BSB baie moeilik of selfs onmoontlik om agter te kom wie werklik vir die BSB werk, want ook daar sal vals name gebruik word. Mense word selfs betaal op hul vals name.

"Al sou daar 'n lêer bestaan oor David Webster en die naam van die persoon wat hom geskiet het, verskyn op papier, mag dit onmoontlik wees om die moordenaar op te spoor omdat dit 'n vals naam mag wees," sê Botes.

Baie van die operasies is uitgevoer deur onbewuste of indirekte lede, met ander woorde mense wat nie weet hul werk in werklikheid vir die SAW nie. Onbewuste lede word gewerf deur kontrakmaatskappye, streekbestuurders wat hulself as sakemanne voordoen en selfs bewuste lede wat vriende as onbewuste lede werf.

"Onbewuste lede kan selfs op die ou end hanteerders word sonder dat hulle weet vir wie hulle werk. Hulle rapporteer aan 'n persoon wat 'n vals naam gebruik. Gesiene mense, soos byvoorbeeld die Mosambiekse minister wat die viskwota aan ons verkoop het, het al slagoffers van dié stelsel geword," sê Botes.

Om hulle klandestiniteit te handhaaf, is BSB-lede nie toegelaat om die Weermag se bestaande intelligensie-bronne te benut of gebuite wapens te gebruik nie, omdat dit terugspoorbaar mag wees. Eie inligtingsbronne is gekweek en wapens is op die internasionale swartmark aangekoop.

Botes was juis die hoof-wapenaankoper vir die BSB en het in Augustus verlede jaar 'n arsenaal wapens wat lugafweerkanonne, vuurpyllanseerders en anti-tenkmyne insluit, in Mosambiek vir R2 miljoen gekoop.

Hy weet nie wat van die wapens geword het of waar dit geberg word nie. Hy het die wapens gekoop volgens 'n "behoeftelys" van die BSB. Daarbenewens kan elke streek ook nog sy eie wapens vir 'n spesifieke projek aankoop.

*'Die BSB is soos 'n slang waarvan net sy vele koppe uitsteek. Kap een af, en 'n ander groei in sy plek uit. Die lyf bly ongestoord voortbestaan. Die BSB kan nie gestop word nie.'*

Vir sekerheidsdoeleindes word alle wapens wat tydens operasies gebruik word, ná die tyd vernietig. Vals paspoorte, lisensieskyfies en ander dokumente word verbrand.

Volgens die riglyne van die BSB is daar 'n uitgebreide veiligheidsprosedure wat elke lid moet gehoorsaam. Kantore word gereeld gevee vir meeluister-apparate, vergaderings mag net onder sekere omstandighede plaasvind en lede se aliasse en vals name moet altyd gebruik word.

Elke lid wat by die BSB aansluit, het ook 'n burgerlike werk. Dit help die BSB om sy eie fondse te genereer en is deel van die sogenaamde "Blou Plan". Van die lede wat aangesluit het, het finansiële hulp by die BSB gekry om hul eie maatskappye te begin. Daar is lede wat tot R100 000 gekry het.

Volgens die plan kon fondse op twee maniere gegenereer word: die maatskappy behoort aan die BSB en alle winste kom terug na hom toe, of die lid leen die geld, betaal dit terug, en hou 'n deel van die wins. Die ander gedeelte gaan na die BSB.

Botes sê 'n bedrag van meer as R10 miljoen is onlangs na 'n buitelandse bankrekening van die BSB oorgeplaas. Verster het beheer oor dié bedrag. Die BSB het in die verlede al suiwer saketransaksies beklink om geld vir die organisasie te maak.

'n Boekhouer van die SAW, brig Hein Pfeil, het reeds getuig dat hy geen toegang tot die lêers van die BSB gehad het nie, en dat hy die boeke "meganies" moes balanseer sonder dat hy geweet het waarvoor die fondse bestem was.

'n Lid van die BSB, Slang van Zyl, het reeds getuig dat hy 'n salaris van R3 500 ontvang het, 'n pensioenbydrae van R800, 'n BMW, 'n huis- en telefoontoelae en vry medies.

"Almal word steeds betaal en baie van die lede het hulle eie maatskappye waaruit hulle self 'n wins maak of waaruit die BSB 'n wins maak. Daar is dus baie geld in omloop," sê Botes.

Botes sê die tien streke van die BSB het binne- en buitelands opgetree. Hoewel hy bestuurder vir Swaziland en Mosambiek was, het hy verlede jaar in Namibia opgetree en is in die verlede al versoek om 'n persoon binnelands te vermoor.

Dit blyk ook nou dat daar 'n streek was wat hom binne- en buitelands toegespits het op "ekonomiese ontwrigting". Botes sê sover hy weet, draai dié streek se bedrywighede veral rondom die ontwrigting van fondse van "vyandige" organisasies. Geldverskaffers is geïnfiltreer om fondse te probeer afsny.

Botes sê die feit dat die BSB sy eie inligtingsbronne moes skep, het tot gevolg gehad dat teikens sonder behoorlike kontrole gekies is. Dit het die moontlikheid laat ontstaan dat die BSB agente van ander militêre instansies kon doodmaak.

Verster beskik oor die mag om 'n opdrag te gee dat iemand doodgemaak moet word. Botes sê dit is ook nie noodwendig so dat daar vir elke projek 'n afsonderlike leêr oopgemaak is nie.

Botes sê hy glo dàt sekere eliminasies wettig plaasgevind het, en andere onwettig. "Ons het geweet wanneer die BSB iemand elimineer. 'n Mens het net geweet. Ons het net nie geweet of dit wettig of onwettig gedoen is nie."

Botes meen dat daar sedert Staatspresident FW de Klerk se aankondiging oor die ontperking van die ANC groot verwarring in die BSB bestaan.

"Die mense is onseker en wil weet wat van hulle gaan word. Wat gaan gebeur onder 'n nuwe bewind? Hierdie mense is professionele mense wat net weet hoe om oorlog te maak. Hulle is bang vir die toekoms, gefrustreerd en in sekere gevalle baie kwaad," sê Botes.

Hy meen die probleem is dat die mense nie gekoppel is aan die Weermag nie en dus nie kan vra om na 'n ander eenheid of Weermagdeel oorgeplaas te word nie. Hulle is lede van die BSB en boonop finansieel afhanklik van dié organisasie.

Dis is daarom dat hy nie die moontlikheid van 'n interne weerstandbeweging binne die BSB wil uitsluit nie. Die BSB is juis só gestruktureer dat hy kan voortgaan al probeer die regering hom ontbind. Boonop het die manne toegang tot wapens en geld.

"Die meeste van die lede is apolities en net soldate. Maar ek weet nie of hulle bereid sal wees om onder 'n Chris Hani te dien nie. Daar is natuurlik ook mense wat ver-regs is," sê hy.

Botes glo dat die BSB, wat veronderstel is om so perfek te werk, in 'n monster verander het omdat die organisasie deur Verster gekaap is. Daar is geen of min beheer tans oor wapens, geld en inligting.

Botes sê dat die manne tans "laag lê" terwyl die Harms-kommissie aan die gang is. Hoewel minister Malan in Februarie die versekering gegee het dat BSB-aktiwiteite opgeskort is, het Webb in Maart getuig dat die BSB tans by "meer as 200" projekte betrokke is.

Botes sê voorts dat Malan nie by magte is om die BSB se aktiwiteite op te skort nie en dat die organisasie kan voortgaan om op sy eie te funksioneer. Lede kan uit hul eie voortgaan met projekte.


"Dit is 'n volmaakte stelsel, maar soos so baie ander is hy ook afhanklik van die mense wat hom bedryf. En hier is al te veel foute gemaak," sê Botes.




**Minister van Verdediging Genl Magnus Malan**




**Hoof van SA Weermag, Genl Jannie Geldenhuys**




**Hoof: Spesiale Magte, Genl-maj Eddie Webb**



**Besturende Direkteur, Kol Joe Verster**





Vrye Weekblad, 18 Mei 1990


# Wêreld:

## Eerste parlement

Namibia se eerste parlementsopening vind plaas na meer as 'n honderd jaar van koloniale bewind. President Sam Nujoma verbind die regering van Namibia tot die skep van 'n klimaat waarbinne belegging in die land aangemoedig kan word en hy onderneem om die werkloosheidsprobleem aan te spreek.

## IRL-bom

Vyf mense word beseer, een ernstig, in 'n bomaanval in Londen deur vermoedelik die Ierse Republikeinse Leër.



Sowetan 16 Mei 1990

## Immigrante

Die president van die Sowjet-unie, Mikhail Gorbatsjov, sê die regering van Israel moet ophou om Joodse immigrante in die besette gebiede te vestig.

## Hoogste prys nóg

'n Kunsgalery in Japan betaal 82.5 miljoen dollar vir 'n skildery deur Vincent van Gogh. Dit is die hoogste prys wat nóg vir 'n skildery op 'n veiling betaal is.

## Trek reg aan

Die premier van Pakistan, Benazir Bhutto, word aangeraai om volgens die Islamietiese wette aan te trek tydens haar besoek aan Iran. Bhutto is die eerste vroulike leier wat deur die Islamietiese leierskap van Teheran op 'n amptelike besoek verwelkom word.

## Afstigting onwettig

Die Sowjet-president Mikhail Gorbatsjov vaardig bevel uit dat die afstigting van Estland en Latvië onwettig en ongeldig is.

## Amerika steun afstigting

Amerika herbevestig sy steun aan die Baltiese state van die Sowjet-unie wat op 'n vreedsame wyse oor hul eie politieke toekoms wil besluit.

## Veerboot sink

'n Veerboot sink in die Nyl. Vier-en-twintig van die 30 passasiers verdrink.

## Krokodil eet man

'n Krokodil verslind 'n 43-jarige man by 'n visvangplek in die noordelike streek van Australië. Die krokodil, wat meer as drie meter lank is, word deur veldwagters doodgeskiet.

## Koning in Uganda

Koning Moshoeshoe die Tweede van Lesotho, wat verlede week sogenaamd verdwyn het, bevind hom in Uganda. Die militêre leier van Lesotho, genl-maj Metsing Lekhanya, het vroeër beweer dat die koning die plek van sy self-opgelegde ballingskap verlaat het omdat hy 'n staatsgreep in Lesotho beplan.

## Langer lewe

Mans wat nooit rook nie, leef gemiddeld 18 jaar langer as mans wat reg deur hul lewe gerook het.

## Staatsgreep gefnuik

Troepe bestorm die kantoor van die radiodiens van Madagaskar. Dertien gewapende mans word gevange geneem nadat hulle aangekondig het dat die regering van president Didier Ratsiraka oorgeneem is.
Ses mense sterf in militêre optrede om die poging te stuit.



Leyden in Saturday Star 12 Mei 1990

## Soldate ontevrede

'n Paar honderd soldate van die Ivoorkus omring die kantoor van dié land se radiodiens in Abidjan en maak beswaar teen werkomstandighede. President Felix Houphouet-Boigny ontvang 'n afvaardiging van die protesteerders om hulle griewe te bespreek.

## Rebelle vermoor 18

Die Mosambiekse rebelle-groep Renamo vermoor minstens 18 mense in 'n aanval op 'n trein wat van Suid-Afrika na Maputo onderweg is. Vier mense verkeer in 'n kritieke toestand in 'n hospitaal in Maputo en 53 ontvang behandeling. Passasiers was hoofsaaklik werkers wat van Suid-Afrikaanse goudmyne af op pad huis toe was.

# Suid-Afrika:

## Afrika-besoek

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, is op 'n besoek van 12 dae aan Afrikalande. Hy besoek Algerië, Libië, Kenia, Egipte, Zambië, Nigerië en Angola. Mandela sal na verwagting dié lande inlig oor verwikkelinge in Suid-Afrika en die samesprekings met president FW de Klerk. Hy woon die Statebondsvergadering van ministers van buitelandse sake in Abuja, Nigerië by en ontvang die ere-doktorsgraad van die Universiteit van Lagos, sowel as verskeie ander toekennings.

## FW na Bush

Staatspresident FW de Klerk word môre terugverwelkom ná sy Europese besoek. Die kantoor van die staatspresident kondig ook aan dat De Klerk vir president George Bush van Amerika op 18 Junie in Washington sal ontmoet. Dit is die eerste keer sedert 1948 dat 'n Suid-Afrikaanse president Amerika sal besoek. Bush ontvang Nelson Mandela 'n week later.

## "Ontwapen Blankes"

Die United Democratic Front dring daarop aan dat alle Blankes wat wapens besit en nie by die Veiligheidsmagte betrokke is nie, ontwapen moet word. Dit volg op die bekendmaking van die vergadering tussen die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, en die leier van die AWB, Eugene TerreBlanche.

## Eenheid teen misdaad

'n Nuwe eenheid om misdaad in Johannesburg te bekamp, word deur die stad se distrikskommissaris, Brig A S Venter, tot stand gebring. Die eenheid, onder bevel van die sers Manual Filipe, is werksaam in die middestad, Brixton, Booysens, Cleveland, Newlands, Jeppe, Langlaagte en Mondeor.

## Hoës gaan praat

Afgetrede senior offisiere van die Weermag, militêre strateë en 'n verskeidenheid mense wat betrokke was by die gewapende stryd van die ANC, kom later dié maand in Lusaka byeen om te praat oor maniere om die konflik in Suid-Afrika te beëindig. Hulle sal ook die samestelling van 'n weermag in die toekomstige Suid-Afrika bespreek.

## Eerste teken

Die eerste teken van die moontlike beëindiging van die verbruikersboikot in Welkom, is die suksesvolle vergadering tussen verteenwoordigers van die boikot-komitee, die Blanke sakesektor en gemeenskapsleiers wat besorg is oor die toestand in Welkom. Die boikot kos besighede tans sowat een miljoen rand per dag.

## Mabuza beskuldig

Die hoofminister van KwaZulu, Mangosuthu Buthelezi, beskuldig die hoofminister van Kangwane, Enos Mabuza, daarvan dat hy betrokke is by die veldtog om 'n pro-ANC politieke party in Ingwavuma tot stand te bring. Buthelezi sê Mabuza het ook 'n donasie van 'n paar duisend-rand aan die party, wat teen Inkatha gekant is, gemaak.

## Nuwe president

'n Voormalige burgemeester van Soweto, eerwaarde David Thebehali, wat tans prediker is by die Faithways Bible Church in Soweto, word verkies tot president van die Kerke-alliansie van Suid-Afrika. Casa maak bekend dat eerw Thebehali dr Poen Badenhorst opvolg.

## Gesinne bekommerd

Duisende gesinne in Bophuthatswana vrees dat hulle hul huisvesting sal verloor en dat hulle vervolg sal word ná 'n nuwe uitsettingsbevel deur die regering van Bophuthatswana uitgevaardig is. Volgens die uitvaardiging moet onwettige plakkers van Mabopane, wat aan Winterveldt grens, teen 30 Junie uit die gebied wees.

## Vrae oor aanhouding

Geheimsinnigheid omring die beweerde aanhouding van die ANC-organiseerder van die Grens, Glen Thomas. Die polisie in King Williamstown sê hulle het geen rekord van so 'n geval nie.

## Intimidasie bespreek

Samesprekings word gehou om die plofbare situasie by die Braamfontein spoorwerf te ontlont. Die bestuur van Transnet, verteenwoordigers van Sarhwu en verskeie werkers vergader om aanklagte van intimidasie van Sarhwu-werkers deur werkers wat nie aan die vakbond behoort nie, te bespreek. 'n Sarhwu-werker word Dinsdag-oggend vroeg deur 'n werker wat nie aan die vakbond behoort nie, in die voorkop geskiet.

## Polisie skiet twee

Die polisie skiet twee mense dood in Maokeng township naby Kroonstad. 'n Woordvoerder van die Maokeng Detainees Parents Support Committee, Biza Makhate, sê die polisie het in die bak van 'n Protea Furnishers meubelwa weggekruip toe die voertuig met klippe gegooi is. Volgens die polisie het sowat 'n duisend mense die polisie wat in 'n privaat-voertuig in die township op patrollie was, aangeval en met klippe en petrolbomme gegooi.

## Hoogverraad

Tom Langley van die Konserwatiewe Party sê die regering is skuldig aan hoogverraad en is so nutteloos dat hy nie eers sy eie mense kan beskerm nie. Langley sê die Nasionale Party het sy geloofwaardigheid verloor, met die Swart jeug wat die staatspresident nou eerder "comrade" noem.

## "Jul eie skuld"

Die minister van Ontwikkelingshulp, dr Stoffel van der Merwe, sê die leiers van die selfregerende gebiede wat sê dat al die geweld begin het sedert die vrylating van Nelson Mandela, het net hulleself om te blameer. Van der Merwe sê al die leiers van die selfregerende gebiede het vir die vrylating van Nelson Mandela gevra, en as hulle nie nou met die toestand tevrede is nie, is dit hulle eie skuld.

*Alle berigte verskaf deur AFP en Sapa*

## *Nóg Joodse grafte geskend*

# Herlewing van anti-Semitisme wek kommer

BRUSSELS - Meer as 'n honderd rabbi's van oor die hele Europa het dié week hier vergader om die onrusbarende oplewing van anti-Semitisme en skendings van Joodse grafte te veroordeel, en het die Europese gemeenskap versoek om die stryd teen rassisme te verskerp.

Die seremonie is by 'n Brusselse gedenkteken vir Joodse slagoffers van Nazisme gehou.

"Joodse dooies is die dooies van die hele mensdom," het die hoofrabbi van Frankryk, Joseph Sitruk, gesê.

Kitruk het verwys na die 100 000 mense wat dié week in Parys aan 'n anti-Semitiese optog deelgeneem het en gesê: "Hulle voetstappe moet deur ander gevolg word."

Dié optog is gereël nadat 34 Joodse grafte in Carpentras, 'n dorpie in die suide van Frankryk, geskend is en die onlangs-begraafde lyk van 'n 81-jarige man opgegrawe, vermink en op 'n sambreelsteel staande gemaak is.

Die oplewing van anti-Semitisme in Europa en elders is besig om kommerwekkende afmetings aan te neem, en die eerste minister van België, Wilfried Martins, die Franse regering en die Hollandse minister van buitelandse sake, Hans van den Broek, het ernstige waarskuwings teen die gevare van anti-Semitisme uitgereik.

Die president van Italië, Francesco Cossiga, en ander amptenare het 'n spesiale seremonie ter verwerping van die Carpentras-skendings in Rome bygewoon.

Onlangse anti-Semitiese optredes in Europa en Israel sluit die volgende in:

* In Tuerkheim in Wes-Duitsland is vyf grafkelders by die gewese Nazi-konsentrasiekamp geskend. Die polisie vermoed dat dit verregses was.

* Altesame 250 Joodse grafte in die hawestad Haifa is geskend. Volgens berigte het die verdagte, 'n 41-jarige Israeli-Jood, deur die strate van 'n klein noord-Israeliese dorp geloop en daarop aanspraak gemaak dat hy die messias is.

Die man word as geestelik versteurd beskou, en het glo uitgeroep: "Ek is die messias en sal bevryding na Israel bring."

Die grafstene is swart geverf en in foutlose Hebreeus word 'n beroep gedoen om Jode dood te maak en te verbrand.

"Dit is dieselfde waansin wat mense aangespoor het om grafte in Haifa en Carpentras te skend," sê Zevulon Hammer, die Israeli-minister van godsdienstige sake.

* Vandale het 32 grafte in die Joodse sektor van 'n begraafplaas in Parys geskend.

Dit het gebeur net 'n paar uur voor die Parys-optog in protes teen die skending van Joodse grafte verlede week in die suide van Frankryk.

Ses van die grafte in die Joodse deel van die Clichy-Sous-Bois-begraafplaas is met rooi swastikas geverf.

Dit was die derde Joodse begraafplaas in Frankryk binne 'n week wat deur vandale besoek is.

Verlede Vrydag, twee dae na die Carpentras-skendings, is 20 Joodse grafte in Wissembourg, Alsalce deur onbekende vandale geskend.

* Grafkelders in 'n Joodse begraafplaas op die Olyfberg in oos-Jerusalem is dié week geskend.

Swastikas en anti-Semitiese slagspreuke is oor vier grafstene geverf.

Dié begraafplaas is reeds eeue oud en is onlangs deur die Israeli-owerhede uitgebrei.

* In Royan, in die suidweste van Frankryk, is 'n Franse hoërskoolonderwyser aangerand en met die dood gedreig nadat sy die onlangse anti-Semitiese voorvalle in die land met haar leerlinge bespreek het.

Christiane Guiard, 'n 40-jarige geskiedenis- en aardrykskunde-onderwyser, is in die hospitaal opgeneem nadat twee mans by haar huis ingebreek het en haar bewusteloos geslaan het.

President Francois Mitterand van Frankryk het saam met tienduisende mense in dié land stil protes teen die jongste vlaag van anti-Semitisme aangeteken.

Dit is die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog dat 'n Franse president aan 'n openbare optog deelneem. - AFP

# Ivan se lewe in ou prostituut se hande



Appèl teen die doodstraf - 'n polisieman haal John Demjanjuk se boeie af net voor die appèlverhoor dié week begin het (Foto: AP)

**PATRICK ANIDJAR**

JERUSALEM - John Demjanjuk, ter dood veroordeel as die sadistiese Nazi-kampwag "Ivan die Verskriklike", het dié week sy appèl voor die hooggeregshof met nuwe getuienis van 'n oud-prostituut begin.

Demjanjuk, wat in Februarie 1986 deur Amerika uitgelewer is, is in April vanjaar deur 'n streekhof in Jerusalem skuldig bevind aan "misdade teen die mensdom, misdade teen die Jodedom en oorlogsmisdade".

Tydens sy 14 maand-lange verhoor het nege oorlewendes van die Treblinka, 'n Tweede Wêreldoorlogse Nazi-konsentrasiekamp in Pole, getuig dat Demjanjuk die gevreesde wag, bekend as "Ivan die Verskriklike", was.

Altesame 800 000 Jode het by Treblinka gesterf.

Demjanjuk, van Oekraïniese oorsprong, is daarvan beskuldig dat hy self tussen Julie 1942 en Augustus 1943 in beheer van die gifgasse was.

Dié week het sy prokureurs daarop aangedring dat Demjanjuk nie Ivan die Verskriklike is nie en dat hy nog nooit eens by Treblinka was nie.

Die aanklaer se belangrikste getuienis tydens die verhoor was die sogenaamde "Trawniki-dokument", 'n identiteitsdokument wat in 1942 aan Ivan Demjanjuk by die Trawniki-kamp uitgereik is, en waarop laasgenoemde se foto en handtekening verskyn.

Dié kamp was naby Treblinka geleë en is gebruik om Oekraïniese hulpeenhede vir die Nazi's op te lei. Die kaart is deur 58 kenners as eg verklaar.

'n Nuwe element in die appèlprosedure sal die herinneringe van die 73-jarige Maria Dudek van Pole wees.

Dudek, 'n oud-prostituut, het op die Amerikaanse televisienetwerk gesê dat een van haar kliënte by die hotel in Volga-Okrenglik, naby Treblinka, ene Ivan Marchenko, bekend as Ivan die Verskriklike, was.

Die verdediging gaan nou probeer bewys dat Marchenko en Demjanjuk twee verskillende mense was.

Die dikwels emosionele pleidooie van die senior advokaat vir die verdediging, Yoram Sheftel, het skerp kritiek uitgelok, veral omdat hy soms geprobeer het om die politiek te betrek.

'n Bejaarde Treblinka-oorlewende, ontstel deur Sheftel se argumente, het verlede Desember swaelsuur na Sheftel gegooi.

Die appèl voor die hooggeregshof sal na verwagting vier weke duur. - AFP

**African National Congress**

**Inligtings- en Aansluitingsvergadering**

Die eerste openbare vergadering van die ANC in Observatory/ Mowbray-gebied sal op 22 Mei om 8nm gehou word. Daar sal inligting verstrek en besprekings gehou word, asook die geleentheid wees om by die ANC aan te sluit.

**SPREKERS:**

*Amos Lungise (ANC Tussentydse Komitee - Wes-Kaap)*
*Barbara Hogan (ANC Tussentydse Komitee - Transvaal)*
*Cheryl Carolus (ANC Tussentydse Komitee - Wes-Kaap)*

**PLEK:**
*Community House*
*Soutrivierstraat*
*Soutrivier*
*Kaapstad*

**TYD:** *22 Mei om 8nm*

***ALMAL WELKOM***

## *Sowjet-Unie verwerp die praatjies*

# Warskou-verdrag se dae getel

WENEN - Die Oos-Europese verdedigingsgroep, die Warskou-verdrag, wat 35 jaar gelede onder Sowjet-leiding tot stand gebring is, is besig om stadig tot niet te gaan.

Hoewel lede van dié verdrag tans nie van plan is om die groep te verlaat nie, meen kenners van Oos-Europa dat die verdrag se bestaan wel binnekort sal verdwyn.

Die president van Tjeggo-Slowakye, Vaclav Havel, het die situasie die beste opgesom toe hy aan die parlementêre vergadering van die Europese Raad in Strasburg gesê het "die Warskou-verdrag sal vroeër of later tot niet gaan, of dit sal op natuurlike wyse doodgaan sodra dit sy politieke rol as instrument van ontwapening klaar gespeel het".

Die kommunistiese minister van verdediging van Tjeggo-Slowakye het egter gesê dat sy land nie van plan is om die Warskou-verdrag te verlaat nie.

Die nuwe konserwatiewe regering in Hongarye, onder leiding van Jozef Antall, sing dieselfde deuntjie en het openlik die eis van die liberale opposisie dat samesprekings met die Sowjet-Unie vir die onmiddellike onttrekking van Hongarye



Vaclav Havel

van die Warskou-verdrag gevoer moet word, van die hand gewys.

Pole het reeds verskeie keer gesê die "onttrekking van die Warskou-verdrag is tans nie 'n kwessie nie".

Kundiges sê Warskou vestig sy hoop op die Sowjet-Unie om 'n teenbalans te handhaaf teen 'n verenigde Duitsland totdat daar definitiewe waarborge is dat die Oder-Neisse-lyn, wat die westelike front verteenwoordig, blywend sal wees.

Die kommunistiese regering van Bulgarye bly getrou aan die verdrag omdat dit beskerming verleen teen die uiteindelike Turkse bedreiging wat Sofia se grootste verdedigingskopseer is.

Roemenië, wat 'n afsonderlike rol in die verdrag het, is egter te besig met sy eie probleme om aan onttrekking te dink.

Dit is net die Christen-demokratiese regering van Oos-Duitsland, onder Lothar De Maiziere, wat reeds duidelik gesê het dat hy by die Westerse verdedigingsmag, Navo, ingelyf wil word. Wes-Duitsland is 'n lid van Navo.

Die Oos-Duitse regering sê dit is nie moontlik vir 'n verenigde Duitsland om deel te wees van die Warskou-verdrag nie, hoewel die Sowjet-Unie reeds so 'n voorstel gedoen het.

"Die tyd is nog nie hier om die verdrag te ontbind nie," sê een van die kenners.

"Die nuwe regerings van Oos-Europa, veral dié in Hongarye en in Tjeggo-Slowakye, wil nie tromp-op bots met die Sowjet-Unie nie en verkies eerder om so 'n botsing met die dominante mag in die verdrag te vermy.

Al die lande in Oos-Europa het hulle militêre en ekonomiese belange met die Sowjet-Unie behou. Sowjet-troepe sal Hongarye en Tjeggo-Slowakye teen die einde van 1991 verlaat, terwyl Sowjet-troepe steeds in Pole gestasioneer is.

In die ekonomiese konteks is die Sowjet-Unie steeds die verskaffer van goedkoop olie, gas en grondstowwe aan lande in Oos-Europa en is self die grootste verbruiker van Oos-Europese lande se vervaardigde produkte.

Die Sowjet-Unie verwerp praatjies oor die ontbinding van die Warskou-verdrag. Die nuusagentskap Tass sê "al die lande glo dit is nodig om voort te gaan met dié samewerking in nasionale belang". - AFP

# Egpaar verkoop niere om koerant te red

KALKUTTA - 'n Indiese man en sy vrou het elk 'n nier verkoop sodat hulle 'n lessenaar-uitgewery kon koop. Die egpaar publiseer 'n koerant wat eksklusief op die armes gerig is.

Moloy Kundu, 'n 32-jarige Hindoe, en sy 27-jarige vrou, Tapati, wat aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort, sê hulle het albei operasies ondergaan om elk 'n nier te laat verwyder nadat al hulle ander pogings om geld in die hande te kry, onsuksesvol was.

Die identiteit van die kopers van die niere, wat van Singapoer af kom, is nie bekend nie.

Die man en sy vrou het meer as 11 000 Amerikaanse dollar vir hulle niere gekry. Hulle sal nou kan voortgaan om die tweeweeklikse koerant, Bela, uit te gee wat vier maande gelede moes sluit.

Bela bestaan uit vier bladsye en kos minder as twaalf sent per eksemplaar. Die koerant is voorheen op 'n handpers gedruk. Dit bevat nuus oor die 700 000 armes van Kalkutta wat op sypaadjies en in krotbuurte woon. Die koerant het 'n sirkulasiesyfer van 10 000 kopieë.

"Dit was ons laaste uitweg," sê Kundu. "Daar was net nie finansiering beskikbaar vir 'n koerant vir die armes nie."

Tot met die tydelike sluiting van die koerant, as gevolg van finansiële probleme, het Bela selfs gratis huweliksadvertensies gepubliseer.

"Ons het aangehou om die koerant vir nog ses maande te publiseer, maar het nie meer geld gehad nie," sê Tapati. Die koerant is aanvanklik gratis uitgegee om lesers te trek.

Die egpaar het nuus versamel deur deur die strate van Kalkutta te loop en met die mense wat daar woon te gesels.

Toe hulle finansieringshulp gesoek het, het 'n bankbestuurder gevra of hulle probeer om nóg 'n Moeder Teresa te wees.

Moeder Teresa, wat in 1979 die Nobelprys vir Vrede gekry het vir haar werk onder die armes in Kalkutta, het egter self aan die egpaar geskryf en gesê: "God sal julle seën, want julle het julself vir die armes gegee." - AFP

# Studente vra 'n breë demokratiese beweging vir Zimbabwe

HARARE - Studente aan Zimbabwe se enigste universiteit het dié week gevra dat 'n breë demokratiese beweging op die been gebring moet word om pres Robert Mugabe se planne om 'n eenpartystaat te stig teen te staan.

Die president van die verteenwoordigende raad van die studente, Arthur Mutambara, sê in 'n verklaring dat die studente-unie die eenpartystaat-idee as "'n verskynsel wat tot 'n fascistiese diktatorskap van een man lei", verwerp het.

Die inhegtenisneming van die studente-leier in Oktober verlede jaar weens aanklagte van subversie het gevegte tussen studente en onluspolisie laat ontvlam en tot die sluiting van die universiteit gelei.

Die aanklagte, wat gespruit het uit die publikasie van 'n dokument wat die regering gekritiseer het, is later laat vaar. Die universiteit, met sowat



Robert Mugabe

8 000 voorgraadse studente, het op 23 April heropen. - AFP

# *Winskopies vir Christene en Jode*

FAIRFAX, Virginia - 'n Amerikaanse motorhandelaar bied winskopies aan mense wat kan bewys dat hulle Christene of Jode is.

Freddye "Action" Jackson bied winskopies aan belydende Christene en Jode, maar nie aan Moslems, Hindoes, Sikhs of enige ander godsdienstiges nie.

"Die kerk is die mees lewensvatbare eenheid en organisasie in die samelewing vandag, en dit is belangrik dat die werk van die Here voortgesit word," het Jackson aan die kerke in Washington geskryf.

Hy sê sy bruin Lincoln-Mercury-onderneming in Fairfax City is 'n Christelike onderneming wat motors net "'n bietjie bo die koopprys" aanbied.

Verkoopsmanne mag nie rook, drink of gekruide taal gebruik nie, en hulle word aangemoedig om kerk toe te gaan. - AFP

**WITS**

faculty information functions for scholars
Enquiries: Schools Liaison Office 716 3597

Booking at Computicket from 16 April — no charge

| | | |
|---|---|---|
| Wed May 16 SH6 | ARTS — General BA and BA (Education) degrees | 19:30 |
| Thurs May 17 SH6 | ARTS — Drama, Fine Arts, Social Work, Speech and Hearing Therapy, B Mus and Licentiate | 19:30 |
| Sat May 19 Senate House Concourse | ALL FACULTY INFORMATION MORNING No tickets required | 09:30 |
| Mon May 21 Medical School Parktown | MEDICINE — MBBCh, BSc(OT), BSc(Physiotherapy), BPharm, BNurs | 19:30 |
| Wed June 6 Chamber of Mines Bldg | ENGINEERING | 19:30 |
| Thurs June 7 New Commerce Bldg | COMMERCE — BCom, BEconSc | 19:30 |
| Thurs June 14 SH6 | SCIENCE | 19:30 |
| Wed June 20 SH6 | LAW | 19:30 |
| Thurs June 21 John Moffat Building | ARCHITECTURE — BSc(QS), BSc(TRP), BSc(Building), BAS | 19:30 |

## *Erken dié foute*

# 'n Ander struggle vir die Afrikaanse pers

DIE Afrikaanse pers was vanaf die begin deel van die Afrikaner se struggle, net soos die alternatiewe pers vandag deel is van die swartman se struggle. Dus as iemand die swartman se strewes en aspirasies behoort te verstaan en aan sy Afrikaanse lesers kon oordra, is dit die Afrikaanse pers.

Ek wil vandag hier 'n beroep doen op die Afrikaanse pers om nou sy roeping en rol op die pad na 'n nuwe Suid-Afrika te aanvaar.

Die Afrikaanse pers was vanaf die Nasionale Party se eerste oorwinning in 1948 die getroue meeloper van die regering. Die pers het elke apartheidsmaatreël wat die NP ingestel het, goedgepraat en verdedig.

Die pers het meedoënloos die opponente van die regering week in en week uit aangeval en die kiesers by elke verkiesing vertel hoe gevaarlik die opposisie en hoe goed die Nasionale Party se beleidrigtings was.

Ek bly steeds verstom oor hoe maklik die Afrikaanse pers vanaf die een Eerste Minister na die ander en van een Staatspresident na die volgende, van die een beleidrigting na die ander gespring het.



JANNIE MOMBERG

Onthou ons nog hoe die ou Verenigde Party en daarna die Progressiewe Federale Party en die Demokratiese Party, en nou die Konserwatiewe Party stelselmatig afgetakel en beswadder is sonder om ooit erkenning te gee aan dit wat dalk reg kon wees.

So is die sogenaamde "Dakargangers" in 1986 uitmekaar gepluk deur die pers en as onpatrioties en gevaarlik beskryf.

So is die DP verlede jaar tydens die verkiesingsveldtog aan die kiesers voorgehou as so te sê die binnelandse vleuel van die ANC.

Die pers se belangrike rol in die Afrikaner se politieke oorheersing die afgelope 42 jaar kan nooit oorskat word nie.

Ek wil dit stel dat die rol wat die Afrikaanse pers in die volgende paar jaar moet speel, nog belangriker is.

Eerstens moet die pers die Afrikaner help om die werklikhede van die nuwe Suid-Afrika te begryp, te verwerk en te implementeer. Daar is 'n groot rol vir die Afrikaner in die nuwe Suid-Afrika, maar dan sal hy moet besef dat die nuwe Suid-Afrika 'n nuwe benadering gaan nodig hê.

Tweedens moet die Afrikaanse pers help om die Afrikaner in te lig oor sy swart broers en susters - mense waarvan ons 'n uiters beperkte kennis het. Die pers sal die pyn en lyding van 'n plakker in die Afrikanerhuise moet indra. Die pers sal die armoede van die townships in die Afrikanerhuise moet indra. Die pers sal die wrewel wat apartheid in die harte van miljoene swartmense gelaat het in die Afrikanerhuise moet indra.

Die pers moet help om die pyn van apartheid uit te wis deur die Afrikaner te help om daardie broodnodige woorde te sê: "Ek is jammer."

Die Nasionale Pers kan nie net so stilletjies vanaf 'n "apartheid society" na 'n "non-racial society" beweeg asof al die pyn en lyding nooit plaasgevind het nie.

Die Afrikaanse pers sal die Afrikaner moet help om die foute van die verlede te erken en daarvoor om verskoning te vra. Die Afrikaner sal eers sy regmatige plek om die onderhandelingstafel saam met alle groepe kan inneem as hy die foute van apartheid kan erken. Die pers se rol hierin kan nie onderskat word nie.

*('n Uittreksel uit **Jannie Momberg**, DP-LP vir Simonstad, se toespraak in die parlement)*

# *Heksery: 'n Kaal vrou op 'n os se rug in Venda*

TOWERY is vir ons sogenaamde gesofistikeerde Westerlinge iets wat behoort tot die terrein van die kulkuns en die goëltoertjies. Logiese verklarings en verduidelikings is daar altyd vir alles.

Heksery, weer, is iets uit die dae van die bygelowige verlede. Dis dinge van die Middeleeue en van die Bybel, en van die sprokiesverhale wat deel uitmaak van ons kollektiewe voorwetenskaplike ervaring. Antjie Somers met haar sak is net 'n vrou waarmee kinders bang gemaak kan word.

Daar is egter gemeenskappe waarin heksery angswekkend aan die lewe is, soos nog die laaste week duidelik geword het in nuusberigte oor heksverbranding iewers in Lebowa. En, natuurlik, in Venda.

In my vorige geselsbeurt het ek vertel van die verskynsel van die mutimoorde en hoe die gemeenskaplike skinderpraatjies mettertyd 'n feitelike bewys word dat iemand daaraan skuldig is.

Miskien onthou lesers nog my tuingesprek met Ronald en sy maats oor die kaptein bo-op die bult. Hoe ek probeer om hulle te oortuig dat daar werklik bewyse moet wees voordat jy iemand skuldig kan verklaar aan 'n muti-moord. En hoe die finale troef triomfantelik gespeel is: "Maar daar was hierdie heks in die dorp!"

Watter heks? wil ek weet. Want in die eerste paar maande van vanjaar was letterlike heksejagtery aan die orde van die dag in dié gemeenskap - volgens bevestigde gerugte skuil daar tans nog bykans tweehonderd mense by polisiekantore en ander sekuriteitspunte omdat hulle bang is dat hulle as hekse "vervolg" gaan word.

Ronald se heks word 'n kaal vrou op 'n os. Die eienaar van die bees het haar die oggend vroeg eerste gewaar, en volgens gerugte ander mense geroep om te kom kyk. 'n Vrou wat kaal op 'n os sit, kan beswaarlik iets anders as 'n heks wees. Het hulle self die vrou gesien? vra ek van die seuns.

"Nee, maar baie mense het, want die eienaar van die os het hulle geroep. Die beeste was nog in 'n takkraal en almal kon haar sien."

"Maar het julle self met iemand gepraat wat die 'heks' persoonlik op die os gesien het?" sukkel ek voort op soek na die waarheid, en om iets van geregtigheid aan die kinders oor te dra. Dis immers 'n klein gemeenskap waarbinne hulle beweeg, en dalk het een van die bekendes wel die "heks" van aangesig tot aangesig op die os se rug gesien.

Nee, maar baie mense het haar gesien, verseker hulle my. Die kollektiewe gemeenskaplike sekerheid, hoe vaag dit ook al mag wees, is waarheid genoeg, net soos wat geslagte blankes grootgemaak is met die swart gevaar en die feit dat alle wit vroue slagoffers van verkragting gaan wees.

"En wat het verder gebeur?" vra ek, hoewel ek reeds die antwoord kan vermoed.

"Ons het haar doodgemaak." Rustig, feitelik, finaal. En, soos altyd, "ons". Eers doodgegooi met klippe, en toe verbrand.

Nee, natuurlik was hulle nie by toe dit gebeur het nie, en eintlik wou hy gesê het: Hulle het haar doodgemaak. Maar sy was 'n heks. Almal het haar gesien. Sy was 'n heks want sy het kaal op die rug van 'n os gery.

Versoeke om hertoegelaat te word tot kursusse of om aanvullende eksamens af te lê, kry universiteitsowerhede orals. Maar ek meen dis net in Venda dat 'n brief soos die volgende met alle erns geskryf en aanvaar sal word.

"On the 11-01-90 my elder brother (...) was stoned, burnt to death because of superstition. People believed that he can turn men to zombies. So they killed him and he was buried on the 20-01-90.

"I was so disturbed that I failed to prepare my examination well. I managed to come and write but I was under a big stress. My brother was buried on the 20-01-90 at 10h00 and I wrote EDR at 14h00.



*'Die kollektiewe gemeenskaplike sekerheid, hoe vaag dit ook al mag wees, is waarheid genoeg, net soos wat geslagte blankes grootgemaak is met die swart gevaar en die feit dat alle wit vroue slagoffers van verkragting gaan wees.'*

"So I was so disturbed that I failed to prepare myself properly for examination."

In watter uiteenlopende wêrelde beweeg ons nie! En hoeveel moet ons almal nog leer en verleer op dié vasteland waarop ons boer?

(***Fanie Olivier*** is 'n professor in Afrikaans aan die Universiteit van Venda)

# In Ikageng hóór 'n mens net van hervormings



PEARLIE JOUBERT

IKAGENG, die township buite Potchefstroom, is net nog 'n plattelandse township wat geen aandag van die pers of ANC-grootbase in Johannesburg kry nie.

Die mense van Ikageng is moedeloos vir dié gesukkel. "Ons probeer al lank om met die ANC in verbinding te tree - die kantore sê ons moet fakse stuur, maar niks gebeur nie," sê 'n ouerige vrou terwyl sy met 'n graaf in die klipharde grond probeer om 'n stuk aarde gelyk te spit.

Dit lyk nie veel anders as in 1985/86 toe die meeste townships in die land aan die brand was nie - ek, saam met die mense van Ikageng, dink nie FW se hervormings, Vlok se belofte van 'n onpolitiese polisiemag en die verwagtinge wat gewone mense van die ANC gehad het, het Ikageng bereik nie.

Die polisie en weermag is weer terug - met hul Casspirs en geel waens en die mense in Ikageng is kwaad en bang.

Oral in die strate staan kinders rond. Kort-kort hardloop kinders en ma's met baba's op hul heupe in alle rigtings. Die volgende oomblik jaag 'n Casspir om die draai... Dit is nogal moeilik om met 'n wit vel en ligte hare onopsigtelik te lyk, veral as jy padversperrings by die ingange na die township ontwyk en oor 'n veld en modderagterpaaie ingekom het.

Dan glimlag jy maar vir die kinders wat weghardloop wanneer hulle 'n witmens sien en hardloop saam met hulle weg wanneer jy 'n Casspir sien.

Die kinders van Ikageng gaan sedert die begin van die jaar nie skool nie. Die hoërskole staan verlate en die een gebou se vensters is almal uitgegooi.

Skaars 'n maand gelede is vier jong kinders begrawe nadat hulle deur die polisie geskiet is - dié woede is nog vars en verlede week is bykans die hele leierskap van die Ikageng Civic Association in hegtenis geneem. Vier jeugleiers van die Ikageng Youth Congress, 'n Sayco-tak, is ook in hegtenis geneem ingevolge die noodmaatreëls.

Die polisie het blykbaar aan die mense gesê dat die Civic verantwoordelik vir die onrus in Ikageng is. Die Civic se leierskap is in hegtenis geneem, maar toe gaan die onrus voort en die Youth Congress-leiers word ook in hegtenis geneem. Die onrus het nog nie opgehou nie en nou hou almal asem op oor wie volgende gevang gaan word...

Tussen die brandende motorbande en klippe in die strate is groepe mense besig om huisies op te rig op oop stukke grond.

"Dié grond het die dorpsraad tydens die munisipale verkiesings in Oktober 1988 aan ons beloof. Dit is ons grond en ons gaan nie langer in agterplase woon nie. Die dorpsraad het vir ons gelieg. Hulle het dié grond aan private ontwikkelaars gegee. Ons sal dit nie meer duld nie en ons het nou hier ingetrek om te bly," sê Miriam Dassie, ma van agt kinders.

Dassie is een van talle huisgesinne wat jare reeds in 'n agterplaas woon. Vir elke 24 huise in Ikageng is daar 26 sinkgehuggies in agterplase.

Soos in die meeste townships - veral die vergete townships op die platteland - is daar 'n groot behuisingskrisis.

Die burgemeester en sy dorpsraad kan gewoonlik niks doen om dié situasie te verlig nie, maar allerhande beloftes word gemaak wanneer dit by verkiesings kom. Ná die verkiesings word die mense dan kwaad en ontevrede en die dorpsraad vra vir die polisie om beskerming.

Net bokant die begraafplaas lê 'n groot stuk grond wat nou deur die "agterplaasbewonders" beset word, soos die mense na hul self verwys. Vanaf die begraafplaas, onder in die vallei, staan drie Casspirs agter 'n groep mense. "Dis die burgemeester en sy ondersteuners daar. Die polisie pas hulle op," sê die mense. "Die burgemeester en sy kamerade kruip weg vir die inwoners van die dorp. Hulle bly heeldag in die dorpsraad se kantore en nee, jy kan nie soontoe gaan nie want die Casspirs pas die kantore op en jy mag dalk nie hier wees."

Die enigste mening van die polisie oor die toestand in Ikageng kom elke nou en dan in 'n onrusverslag uit. "Soveel keer is traanrook gebruik om oproeriges uiteen te jaag, soveel is gewond, soveel polisievoertuie is met klippe beskadig, soveel dorpsraadlede se huise is met petrolbomme bestook, ensovoorts." Dit laat 'n mens wonder.

*Vrye* **Weekblad**

## Dít is mos vordering

In een week het ministers van die FW de Klerk-regering gesê dat die Wet op Groepsgebiede en die Wet op Bevolkingsregistrasie afgeskaf moet word en aanduidinge gegee dat 'n begin gemaak gaan word met gemengde staatshospitale en -skole.

Nou begin ons mos vordering maak.

Dit is verblydend om te sien dat die Staatspresident en sy span begin besef dat vrylatings en onderhandelings nie genoeg is nie, en dat ongeregtigheid en oorblywende apartheidsmaatreëls terselfdertyd ongedaan gemaak moet word.

Die maande wat voorlê, is uiters kosbare maande. Terwyl onderhandelinge oor 'n oordrag van mag na alle Suid-Afrikaners gevoer word, moet daar daadwerklik gebou word aan die fondamente van die nuwe nasie wat onder 'n nuwe, demokratiese staatsbestel sal opstaan.

Ons hoop van harte die Staatspresident en sy kabinet besef die dringendheid van die situasie.

Wat Suid-Afrika nou nodig het, is nie nog mooi-klinkende woorde en beloftes en uitsprake van wat behoort gedoen te word nie.

Ons het daadwerklike aksie nodig.

As die regering weet dat sekere wette en maatreëls onhoudbaar geword het, moet dit onverwyld afgeskaf word.

Daar is 'n ander saak wat groot ongelukkigheid onder veral ons land se swart inwoners veroorsaak en dringend President De Klerk se aandag nodig het: die onaanvaarbare optrede van die polisiemag in die townships.

Voorvalle soos dié in Kroonstad dié week waar polisiemanne onder 'n seil agter op 'n burgerlike voertuig op oproerige jongmense geskiet het, hoort in geen beskaafde land nie.

Die regering wéét dat die swartmense van Kroonstad wettige griewe het waaraan niks gedoen word nie: die adjunk-minister van Verdediging en LP vir Kroonstad het self die korrupsie van Maokeng se stadsraad help ontbloot. Watter ander uitweg het die gewone mense as om luidkeels en fisiek beswaar te maak?

Die staat se antwoord, só sien die inwoners van Maokeng dit, is om 'n "Trojaanse perd" in te stuur en mense dood te skiet.

Dié soort optrede is in skrille kontras met die "vriendelike" gesprekke wat die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, dié week met die leier van 'n organisasie wat geweld predik en openlik hul militarisme demonstreer, gevoer het.

Adriaan Vlok hoort nie in 'n FW de Klerk-kabinet nie.

Nog meer: President De Klerk behoort nou die probleem van polisiemanne wat sy beleid van openlikheid en demokratisering aktief ondermyn, sy eie te maak.

Dit is net soveel sy taak as dié van die ANC-leier Nelson Mandela om aan die gewone burgers te wys dat die proses van versoening en onderhandeling wat hulle aan die gang gesit het, in elke landsburger se belang is.

## Stop die BSB!

Hoe meer ons te wete kom van die Weermag se Burgerlike Samewerkingsburo, hoe duideliker word dit dat dié veelkoppige monster so gou as moontlik heeltemal van kant gemaak moet word.

Die ANC en die regering sal dwaas en kortsigtig wees as hulle gaan voortgaan om 'n nuwe, demokratiese bedeling te beding terwyl dié sinistere organisasie nog voortbestaan.

Dit lyk in dié stadium redelik seker dat regter Louis Harms se kommissie nie die BSB kan of wil ontbloot vir wie en wat dit werklik is nie.

Dit maak dit die probleem van elke landsburger wat belangstel in 'n vreedsame, voorspoedige en demokratiese nuwe Suid-Afrika.

Staatspresident FW de Klerk het onses insiens net één uitweg: raak onmiddellik ontslae van die twee ministers wat bewysbaar geweet het van die BSB, Magnus Malan en Adriaan Vlok, en laat die monster dan behoorlik van bo tot onder, binne- en buitelands, ontbloot word.


Nelson Mandela en sy kollegas in die ANC-leierskap het ook net een uitweg: eis van die regering dat hulle eers iets daadwerkliks aan die BSB moet doen voordat daar met verdere onderhandelinge voortgegaan kan word.

Anders gaan ons agterna ook na húlle vingers wys as dinge begin verkeerd loop.

## *So sê hulle...*

**"Omdat verreweg** die meeste swartes gematig is, behoudend is en siek en sat daarvoor is om deur 'n minderheidsgroep van die ANC geïntimideer te word, van hul werkplekke weggehou te word, en téén sameweking met ander minderheidsgroepe opgesweep te word ... daarom het ek my by Inkatha aangesluit." - Hennie Muller, leier van Blanke Veiligheid pas nadat hy die eerste blanke lid van Inkatha geword het.

**"Wat 'n mens** dwars in die krop steek, is dat pleks daarvan dat die herklassifiseerdes hulle beywer vir groter harmonie, word hulle prominente ondersteuners van die KP en sy bondgenote en stook hulle verder onmin en rassehaat aan." - Desmond Lockey, Arbeider-LP vir Noord-Kaap, dié week in die parlement.



**Die Harms-kommissie in aksie**

## BRIEWE

# Buthelezi is 'n man van vrede

**GVG Shuttleworth van Mowbray skryf:**

Na aanleiding van Vrye Weekblad, 12 April 1990 (Hoofartikel en Hoe rym dit dan?) is dit bemoedigend dat u besef hoe belangrik Nkosi MG Buthelezi en Inkatha in ons politiek is.

Toe Biko dood is, en amper alles wat teen die regering gekant was, verban is, moes ek tussen die Black Sash, die SARK en Inkatha kies.

Beyers Naudé, saam met wie ek destyds gewerk het (sy graad is ook 'n eredoktorsgraad), het Inkatha aangeraai. Dit was in 1978.

In 1979 - toe was Inkatha-lidmaatskap om en by 130 000 - is 17 afgevaardigdes van dié organisasie na Londen om gesprekke met die ANC te gaan voer. Met hulle terugkeer het hulle die media daarvan verwittig.

Ek was by toe Inkatha-lede op die voorblad van die Post moes lees dat die ANC alles ontken: met ander woorde Buthelezi is 'n leuenaar!

'n Maand later het Percy Q van sy Amerikaanse reis teruggekeer en geskryf dat Johnny Makhatini hom in kennis gestel het dat die besoek en gesprekke wel plaasgevind het. Inderdaad was dit nog nie oorlog nie.

My Inkatha-vriende het die SAKP die volle blaam gegee. My mening dat hulle verkeerd is, het op dooie ore geval. Hulle wou niks teen die ANC of die Xhosas hoor nie.

Ondanks baie Marxiste en sosialiste in Inkatha, het die regtervleuel sterk geword. Die oorlog het dus nadergekom. Die amptelike beleid destyds was dat die volk sal moet kies, en dat kommunisme nie as 'n gevaar beskou word nie.

Die eerste tekens dat hulle kapitalisties gaan word, het van hoë amptenare in 1981 gekom. In 1984 het dit amptelik 'n werklikheid geword.

Buthelezi het die regering dikwels gewaarsku dat hy militante lede het, en indien vreedsame onderhandelinge nie kan plaasvind nie, hy self bereid sal wees om die land te verlaat en by die gewapende stryd aan te sluit.

Die eerste skote is op Ongoye in Oktober 1983 gevuur. Dit was 'n mislukking, en lede van die Jeugbrigade het geseëvier. Daarna was daar "vrede" vir 'n paar jaar.

Azapo het 'n beleid van nie-vergelding gevolg. Baie is vermoor. Selfs oud-Eilanders het die buiteband of panga gekry, insluitende een jong heldin. Dit het in die Oos-Kaap begin en later na Soweto, Umlazi en Mbekweni uitgebrei. Azapo het baie stil geword.

In die Kaap - buiten onlangs op Brown's Farm waar dit wel teen Azapo was - was dit altyd UDF teen UDF. Gewoonlik volwassenes teen jeugdiges. By Crossroads het die oorspronklike UDF-groep dié gebied blykbaar verlaat.

Nadat Azapo stilgemaak is, het van die besoldigde lumpen proletariaat, en van die jeug, Inkatha aangeval. Hoe sal dit eindig?

Ek het in 1986 Buthelezi se waarskuwing teen Oliver Tambo gehoor. Hy het duidelik in Engels op 'n Algemene Jaarlikse Inkathakonferensie gesê: "Oliver Tambo, you want a fight? You've got one."

Hy is wel 'n man van vrede, maar nie onnosel nie.

*(Brief heelwat verkort - Red)*

## Opdrifsel II

**Karel van der Merwe van Bezuidenhoutsvallei skryf:**

Na aanleiding van Hendrik Jaars se brief van 16 April die volgende: Wat se van is Jaars in elk geval? Is jy bruin of is jy wit?

As jy wit is, is dit my mening dat jy aan 'n minderwaardigheidskompleks ly, dit wil sê jy is te bang om te besef dat dié opdrifsel van 'n koerantjie jou ook al opgesweep het om soos hulle te dink.

Oor my definisie van Nasionalisme. Nasionalisme is Suid-Afrika. Was nog altyd. Dit kan ook beteken "saamstaan", "patriotisme" en nie draadsitters of verraaiers, opdrifsels nie. Ek is 'n trotse Afrikaner-Nasionalis.

Dis sulke mense soos julle wat nie hier hoort nie, in die kamtige nuwe Suid-Afrika, waarvan jy ook melding maak...

Jy bedoel eintlik julle soort nuwe Suid-Afrika! 'n Swarte?

Want dit is after all waarvoor julle veg! (En met julle bedoel ek julle liberalistiese kommuniste!)

Jy salueer dié opdrifsel van 'n koerantjie vir die dapper wyse waarop hy die sogenaamde waarheid aan die mense oordra. Maak jy 'n grap? Haal asseblief jou oogklappe af voor dit te laat is. Wat se waarheid? Dat Mandela en Slovo julle nuwe base gaan wees?

Kan jy jouself voorstel wat se Suid-Afrika dit gaan wees? Wat se kans dink jy gaan jy en jou soort hê as die gemors die fan strike? Julle sal eerste in lyn wees. Ek bedoel dit. Want dis julle wat eerste gaan probeer wegkom.

Dink julle miskien hulle gaan stop en sê "Hello brothers, come join the club"? Hulle soort skiet eers, vrae is daar nie tyd voor nie. Hulle het nie vrae nie. Dink daaroor.

Word wakker jong, dis oorlog. Hoeveel is dood sedert Mandela uit die tronk is? Ironies is dit nie? Vele sou nog gelewe het as hy steeds daar was, en wie dra nou die oogklappe?

Ek blaas eerder my breins weg as om nog 'n Rhodesië te hê. So mnr Jaars, as ek jy was, sou ek weer 'n bietjie daaroor nadink. Hierdie is my land en sulke opdrifsels sal ons volk en vaderland nie maklik duld nie. Moenie vir my sê om die land te verlaat nie. Gaan jy uit! Ek hoop jy sal gou tot sinne kom, asook hierdie sogenaamde Vrye Weekblad. Die opdrifsels.

*(Brief verkort - Red)*

## Anti-aborsie

**JM van Emmarentia, Johannesburg skryf:**

Aborsie, om hoegenaamd enige rede, is die moord van 'n ongebore kindjie. 'n Volk wat aborsie wettig, toon sy minagting van die Almagtige Vader en loop die risiko van ernstige geestelike en morele verval.

Ingevolge die wette van ons land is aborsie tans onder sekere omstandighede toelaatbaar, en die regering het ingestem om die verslapping van dié wetgewing te oorweeg en versoek nou dat enige persoon wat hieroor beswaard voel, die volgende instansie skriftelik moet verwittig:

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, Privaatsak X63, Pretoria 0001.

## Beskeie koerant

**Marna Groenewald van Parktown-Noord skryf:**

Is Vrye Weekblad nie onnodig beskeie nie?

Hoekom moet ons in ander koerante lees dat Max du Preez die belangrike Pringletoekenning van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Joernaliste gekry het, en dat Vrye Weekblad die naaswenner was vir Nuusmaker van 1989?

Julle lesers is saam met julle bly. Vrye Weekblad het vir ons baie belangrik geword.

*Vervolg op bl 22*

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan ook bel met jou mening na (011) 836-2151.***

# Die laaste stuiptrekkings van Magnus die Oneerbare



BROLLOKS EN BITTERGAL

AG SHAME, sou Brolloks se ouma van Magnus Malan gesê het as sy nog gelewe het. Want sy het altyd jammer gevoel vir patetiese verloorders.

Old soldiers never die, they lie their way through parliament, is weer wat Bittergal te sê het oor die arme generaal.

Maar dis nie net oor hy gelieg het oor die BSB wat Magnus nou so 'n bywoner in die regering (en die parlement, en die party, en die grootste deel van die bevolking) gemaak het nie.

Dis eintlik oor hy nie in die eerste plek daar gehoort het nie.


"The only remaining (political) thug in the Cabinet," het 'n baie gesiene Westerse ambassadeur nie te lank gelede nie oor Magnus opgemerk.

Magnus is 'n politieke neandertaal. Hy is 'n PW-man. Hy is so ontuis met FW se nuwe politiek as wat FW in Hendrik Verwoerd se kabinet sou wees.

Maar die kapokhaantjie is nie heeltemal uit Magnus uit nie. Eergister sê hy in die parlement oor die klagtes dat 32 Bataljon droogmaak in Natal: "Die SAW sal nie toelaat dat enigiemand hom voorskryf wie waar ontplooi moet word nie."

Nie eens FW nie?

* Wat die vraag laat ontstaan: hoekom het FW nog nie vir Magnus in die pad gesteek nie? Is hy bang Magnus gaan skaar hom by PW en ander dikbek has-beens? Hmmm?



## Toeval?

Kan dit toeval wees dat Inkatha aangekondig het dat hy sy lidmaatskap vir alle rasse gaan opstel drie dae nadat die leier van 'n flentergat-organisasie in Welkom, Hennie Muller van Blanke Veiligheid, aangekondig het dat hy by Inkatha gaan aansluit?

Aan jou vriende sal jy geken word, Gatsha!

Die HNP se woordvoerder, Kays Smith, sê Muller se stap was vir hom net so 'n skok as wat dit was om te hoor dat "liberale" Afrikaners by die ANC aansluit.

* Nee, kameraad Kays, dis juis nie liberale wittes wat by die ANC aansluit nie. Die wit liberals voel almal deesdae baie tuis by die Nasionale Party.

## Kattejag

Bittergal hoor allerlei interessante verhale van die toergroepie wat in 'n spierwit Boeing in Europa rondtoer.

Daar is glo net een toerlid wat saans ná donker nog nugter is: die toerleier, glo so 'n kaalkop-kêrel.

Die drinkers se Hoofman oor Honderd lyk glo soos Walter die Wonderman. Hy is glo ook 'n filosoof. Veral saans.

* Die groep staan glo bekend as Katskieters Internasionaal.

## Veldmaarskalk Opsigter

Dit is dié week duidelik gedemonstreer watter gehalte mens dit is wat so graag in kakieklere met swastika's rondhardloop en dreig.

* Die hoof van die AWB se Spesiale Taakmag is niemand anders nie as Leonard Veenendal, gewese Veldmaarskalk van die Hillbrowse swembad. En 'n man wat in Namibia gesoek word vir dubbele moord.

## Uitgevang!

Daar word die hoofaanklaer wat vir Die Matie se rubriekskrywer, Tina du Toit, van "immorele waardes" beskuldig het omdat sy geskryf het die Studenteraad het nie "knaters" nie, toe op 'n massavergadering uitgevang!

Dié vergadering moes aanhoor dat die heer André Gaum, seuntjie van Die Kerkbode se redakteur, lustig gesit en blou films kyk het tydens 'n landwye Studenteraadkonferensie op Thaba Nchu verlede jaar.

* Dié soort tweegatjakkals en witgepleisterde graf ken ons al dekades lank in die hart van Afrikanerdom. 'n Mens het half gehoop ons jonger geslag het dit afgesterf.

## Steve se werk?

So net voor die aankondiging dat die Weekly Mail nou finaal besluit het om sy dagkoerant te loods, kom The Star uit met die nuus: hulle gaan nou ook 'n oggendkoerant in die PWV-gebied uitgee.

Pleks dat hulle met opposisie begin het toe omtrent al wat 'n mens in Johannesburg kon lees Johnny Johnson se daaglikse drek was.

* Kan dit wees dat Steve Mulholland van Times Media sy nuwe clout by die Argus-groep gebruik het om dié stap nou te laat gebeur?

# 'n Stukkie inspirasie van daardie lojale rebel

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

OMGORD die lende, vrinde, en byt vas vir nog 'n sarsie joolbladhumor en sarkasme, in kru taal aangebied soos dit 'n Klaagvoort betaam.

Vra Oswald of die Klaagvoorts dan nou 'n monopolie op kru taal het, of mag regters ook hul crap in die armbeurs gooi?

Soos julle kan sien, geliefdes, is Oswald 'n tipiese ANC-opstoker en is hy nie te vertrou nie. Wie weet wat se skade kan hy met 'n koolkop in die hand en 'n radys onder die tong aanvang? Seg Oswald hy het 'n ode aan Moeder saamgeflans, met so 'n stukkie inspirasie van Van Wyk Louw, daardie lojale rebel:

*Die poue het haar die eerste gewaar*
*in die vroom namiddag toe die arbeie gaar*
*was - aan die hangklok, in hul blougroen flankeerderye*

## Sottespul

Seg Moeder I am not amused. Maar is Moeder dan ooit amused? Vrinde, vra julle nog!

Daar is sweerlik nie 'n siel wat nie deesdae van sonop tot sononder van oor tot oor glimlag nie.

Dis die epidemie wat soos die pestilensie in die donker wandel, hierdie verwoestende bui van vredeliewendheid wat maar effens ongemaklik op baie gewetens rus.

Selfs Moeder glimlag floutjies in haar welige grys Harms-kommissie baard.

Speaking of which, was dit nie te koddig om Joe Verster so op Voëlvrye Weekblad se voorblad te sien pronk nie?

Seg Moeder sonder sy pruik en vals baard lyk dit amper asof hy vermom is. Kan jùlle vir Moeder verstaan?

Die hele ou sottespul van administratiewe naampies en kodenaampies en sweety-sweeties is te kinderagtig vir woorde.

Waarom speel die kommissie met sulke simpelgeit saam? Tog nie om die mense en hul projekte te beskerm nie, sou ek hoop, want dit lyk vir Egbertus of die doen en late van dié bendes nie juis beskermingswaardig is nie.

Seg Moeder gmf, wat weet Egbertus nou van die cloak and dagger gedoentes af?

Seg Miesies Klaagvoort Moeder is deesdae so klandestien, sy wonder of Moeder nie dalk Staal Burger is nie.

Hulle het dieselfde mond, en seker ook dieselfde waardes, voeg Oswald astrant by. Oswald kan nie sy lewe baie hoog aanslaan nie.

## Noordelike messias

Dierbares, dis voorwaar 'n vertroosting in die verdrietige tye van ontydige vrede dat daar 'n man soos 'n ou vrot voël herrys het uit die asse waar hy al te kortstondig vergetelheid opgesoek het.

Dié messias van die noorde lyk elke dag meer na Vader Krismis, of dan ten minste na dié oude vader se voorste boerbok.

Die fluffy ou gryse baardjie sou selfs nie uit plek wees aan Moeder se bakkies nie, ewe onvanpas.

Iedergeval, die nuusbrokkie van die week was beslis die opspraakwekkende besoek wat broeder ET by mister Vlok gaan aflê het.

Dinge het nog voor die staanspoor verkeerd begin loop, as so-iets moontlik is.

Seg Moeder as dit by verkeerd loop kom, is enigiets met broeder ET moontlik, maar dit daargelaat, Weekblad moet sy fondse spaar vir Doepa se Day in Court.

Kyk, 'n mens kan nie wil afbreuk doen aan die waardigheid van die toneel nie: ET, vergesel van 'n hele falanks gewapende padvinders, pak die onmoontlike aan: om vir mister Vlok by sy kantoor op te spoor sodat daar oor geweld onderhandel kan word.

Dis nou te sê, hoeveel geweld sal die kêrels nou eintlik geoorloof wees?

Nietemin, vrinde, vir 'n boerekommando om so in die bose stad rond te vaar is pioenierswerk. Hoge avontuur. Fraught with danger.

Die padvinders, soos dit ware verkenners betaam, lei toe die prosessie straat-af en straat-op, en toe tot binne-in die poskantoor.

Seg Miesies Klaagvoort dis nou seker hoe hulle ons uit die slawerny gaan lei, van die wal in die sloot.

Seg Oswald ons is reeds in die sloot. Sherrup Oswald, seg Moeder: die stomme ET het maar net weer eens die pad byster geraak.

Seg Miesies K ja, die straight and narrow.

## Agbare lagbare

Iedergeval, stel julle die waardige prentjie voor: die krioelende kakie massa, baarde in alle rigtings, boeppensies, platterig vandag van die korsette, en dit lees naarstiglik die aanwysings in die poskantoor se kontantsaal. Posseëls, poswissels en minister Vlok, toonbank drie.

En siedaar, soos 'n wors uit 'n vleismeule verskyn die waansinniggglimlaggende gesiggie van ons geliefde staatmaker van Wet en Wanorde, en selfs die wette raak nou ook skaarser, vra maar vir minister Al Debbo.

Die hartlikheid waarmee die agbare vir die lagbare verwelkom het, kon maar net vir 'n mede-boer gereserveer gewees het.

Nevermaaind die kapokhaantjies met hul gewere en verspotte drilpelotons, die wapenarsenale, die geweld.

Bloed is dikker as water. Seg Moeder ja, al is dit ander mense se bloed.

Die gesamentlike verklaring deur die minister en sy closet-vrind was so cosy dat 'n mens wou siek raak.

Die hartlikheid het eintlik soos 'n sooibrand in 'n mens opgestyg.

Oswald se mond het so ver oopgehang by aanskoue van dié spektakel, hy het pas sy onderlip raakgetrap. Ongelukkig het hy Moeder se spykerskoene aan waarmee sy die Comrades gaan hardloop. Maar that's another story.

## NUUSFLITS

Geen naamveranderinge uit Ulundi vandeesweek nie. Maar het julle dalk 'n verdwaalde koning iewers gewaar? Lesotho soek syne.

# Ideaal haalbaar

**Hendrik Jaars van Bloemfontein skryf:**
Die gesprekke oor samesprekings tussen die regering en die ANC is iets van die verlede. Dié historiese samesprekings tussen die twee "ou vyande" het ongetwyfeld 'n nuwe hoofstuk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangekondig.

Tydens die mediakonferensie van pres De Klerk en dr Mandela was daar tog aanduidings van wisselwerking en 'n wedersydse respek tussen die twee leiers.

Ook het die ware kleure van leierskap na vore gekom. Hulle gesamentlike verbintenis tot vreedsame oplossings vir 'n beter bedeling was werklik verfrissend.

Ons as Suid-Afrikaners hoop van harte dat dit nie net by praat sal bly nie. Die feit dat die Nasionale Party 'n ooreenkoms met die ANC aangegaan het, is 'n aansienlike wegbeweeg van die NP se dubbelpratery en rondtrappery. Dat die ANC self verbaas was oor die regering se eerlikheid tydens die samesprekings is 'n treffende bewys dat die regering nou die gevangene geword het van sy eie propaganda wat hul oor die jare heen bedryf het.

Maar nou lê grondwetlike onderhandelings voor - 'n baie ingewikkelde stryd. Die feit dat De Klerk en die NP steeds aan groepe dink, wek ernstige kommer.

Partisie sal Suid-Afrika nêrens bring nie, behalwe dat dit net die land in 'n bloedbad sal omskep. Dit is 'n onhaalbare hersinskim wat nooit die einddoel sal bereik nie.

Magsdeling van die NP is ook nie die oplossing nie. Solank as wat die regering van minderheidsgroepe praat, wil hul nie van rassisme ontslae raak nie. Magsdeling ter beskerming van minderheidsgroepe is basies net 'n vermomming van apartheid wat op boere-verneukery neerkom.

Meerderheidsregering, gegrond op een mens een stem, is die enigste werkbare oplossing vir ons probleme. Dit is nie op enige groepsidee gegrond nie, trouens, dit bied politieke deelname aan elke burger van Suid-Afrika. Dit is die weg vir versoening en beteken nie selfmoord nie.

Dié ideaal is binne ons vermoë. Dit is haalbaar as die NP werklik groot wil dink en afsien van slimmighede en jakkalsdraaie.




## Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Clara of Cathy (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Fordsburg 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

### Persoonlik

Die Takhare vir Vrede sê moenie die hede probeer uitstel nie

Bleskoppe teen Apartheid sê nou gaan die koppe dans!

Skrywers teen Sensuur sê aan die Matie-manne sonder knaters, hou jul rokkies bymekaar!

Sal Eliza Doolittle van Ladybird asseblief haar fakslyn deel met myne by 0157- 2750. Tema: Rob Roy en Ander bont Perde. Dawie

### Werk

Alle meisies en vroue, asook klein seuntjies en dogtertjies, om op sekere Saterdae as modelle vir ons modes in ons modeteater in Johannesburg op te tree. Geen ondervinding nodig nie. Vir meer inligting skakel (011) 834-4738 of (011) 836-9171 X 15 slegs in die aande. Of kom sien ons by The Star Spangled-promosies, 1st Vloer Connaught Mansions, Breëstraat 215, Johannesburg

### Woonplek

Aucklandpark: Kingsway Mansions: Pragtige woonstel om te deel, vir meer inligting skakel 447-3498 en los 'n boodskap

GARDEN ROUTE: Riverside House, Great Brak River R50 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. Phone (04442) 3387

Bekwame, betroubare huishulp benodig akkommodasie in Brixton. Beskikbaar vir huiswerk drie dae per week. Werk reeds twee dae. Vergoeding onderhandelbaar. Vir getuigskrif en navrae skakel 782-471/6 kantoorure of 837-1358 na ure

### Dienste

REGTERBREIN-DINAMIKA
Vermeerder jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossingsvermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643 4659

Bedrewe verwer. Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

Tik- en vertaalwerk, bel Louise by (012) 46-6577

TAROT readings
Uncovering what you really are, of letting yourself be yourself, of letting everything that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301-5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689-1194 (5.30nm tot 7.30nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56-1483, Pretoria (012) 320-2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30nm tot 7.00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

Visual art courses
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evening for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

Vertaalwerk/proefleeswerk: Engels/Afrikaans, Afrikaans/Engels, alle tekste (ook tegnies). Billike tariewe. Faksdiens ook beskikbaar. Skakel Julia (021) 797-3412

Crafts
Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788 3994

### Gebeure

Story writers and artists are invited to submit a short picture story book for children for the Abecedarius Books Picture Story Competition. The story, with pictures in black and white and one colour, should be between two and twelve pages. Abecedarius is eager to stimulate South African writing for young people and will consider all entries for publication. Closing date June 1, 1990. For more information phone 887-7297

Woensdag 23 Mei - U word uitgenool om u wegneemete om 1nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Lifegebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "Ethics in America - Public Trust, Private Interest (the video answers the question: how can a democratic government function when campaign finances, influence peddling, lobbying, and personal loyalties and personal dislikes run rampant? What role does the media play in exposing these problems?" Almal welkom

The US Information Service at the Ipelegeng Community Centre will present a series of videos on "Ethics in America" during the month of May and June. The videos will be screened Tuesdays at 3pm. The video's title: "Public Trust, Private Interest"

### Betrekkings

Daljosafat Kunsstigting Koördineerder
Verantwoordelikhede: Koördineer van grafiese/skilderwerkswinkels en uitstallings, algemene administrasie, skakelwerk en bemarking. Die suksesvolle kandidaat moet tweetalig wees en kennis en 'n gesonde belangstelling in kuns en verwante aktiwiteite hê. Ondervinding van bemarking en skakelwerk sal 'n aanbeveling wees. Gratis akkommodasie. Aansoeke voor 31 Mei 1990 aan: Administrateur, Daljosafat-Kunsstigting, Posbus 2642, Paarl, 7620. Tel (02211) 624924

### Mark

Suzuki-motorboot (65 perdekrag) goeie toestand te koop. Kontak mnr en mev Gordon (01491) 98451

Illustrations, comics, logos and graphics designed and executed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliers ware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

***Tarief : R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan***

JACOB RegoP®

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ....................
Adres: ....................
....................
.................... Poskode: ....................
Telefoon: ....................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

# Natal moet wys hy kan wegwedstryde wen

Berigte deur
TINUS HORN

AS Natal nie môre op Ellispark met Transvaal afreken nie, kan hy maar van die Curriebeker vergeet.

Die Piesangboere het hul bekeraanslag verlede week met 'n oorwinning oor die Vrystaat begin en die Westelike Provinsie vroeër vanjaar in 'n vriendskaplike wedstryd geklop maar is nog nie in wegwedstryde beproef nie.

Dit was in die verlede juis hul onvermoë om in dié wedstryde te presteer wat verhinder het dat hulle 'n bedreiging vir spanne soos die WP en Noord-Transvaal inhou.

Natal het sy eerste wegwedstryd vanjaar teen die einste Transvaal verloor maar veral sy agttal speel nou stukke beter.

Guy Kebble se besering het verlede naweek teen die Vrystaat sy skrum ontwrig en die agterspelers onder druk geplaas. Sake wou ook nie in die middelveld tussen Henry Coxwell en Greg Eayrs vlot nie. Joel Stransky was reg om alles weg te skop.

Kebble is fiks en terug in die span maar Jeremy Thomson en Dick Muir is steeds beseer. Coxwell en Eayrs is maar net nie in dieselfde klas nie en 'n mens wonder of die opwindende Christy Noble op die vleuel die kanse gaan kry wat hy verdien.

Noble lyk na die aangewese opvolger vir Carel du Plessis in die Springbokspan. Hy is blitsvinnig (soos hy in die wedstryd teen die WP bewys het deur vir Danie Gerber weg te hardloop) en sy verdediging is goed.

Transvaal het in die tweede helfte teen die OP skitterend reggeruk, maar as hy teen Natal só swak wegspring, gaan hy verloor. (Die Rooibontes kan maar bly wees die OP-voorspelers is so onfiks. In die eerste helfte het hulle die vaste afdelings van die spel oorheers, maar Frans Erasmus en 'n paar van sy spanmaats was teen rustyd klaar).

Natal se slotte, Rudie Visagie en Steve Atherton, gaan nie vanjaar maklik in die lynstane geklop word nie. Met Jannie Breedt terug sal John Mitchell waarskynlik meestal agter gooi, waar Deon Lotter ook kan help. Die kort lynstane, wat Breedt vervolmaak het, sal ook ingespan word.

Hou die los dop. As Transvaal nog nie spyt is dat hy Wahl Bartmann verdryf het nie, gaan hy môre wees. Nie eers Breedt sal verhinder dat Natal dié afdeling van die spel oorheers nie.

Natal is beslis die gunsteling.

Die wedstryd wat die verrassing van die week kan oplewer, is dié tussen Noord-Transvaal en die Oostelike Provinsie in die Baai.

Die tuisspan beleef 'n nagmerrieseisoen (wat is nuus?) maar is op sy tuisveld moeilik - veral teen 'n sterk span soos die Noorde.

Die OP se motivering is elke jaar op sy hoogste vir dié wedstryd en Uli Schmidt-hulle kan maar gewaarsku wees: Die manne in rooi en swart gebruik enige taktiek, hoe ontoelaatbaar ookal, in hul pogings om die Blou Bulle te klop.


(Hul laaste tuisoorwinning oor Noord-Transvaal was Naas Botha se eerste wedstryd ná sy Dallas-avontuur. Hendrik Kruger is vroeg deur Kallie Grobler met die vuis bygedam. Hy het vir die res van die wedstryd soos 'n zombie rongehardloop en twee drieë op 'n skinkbord weggegee. Eindtelling: OP 13, Noord-Transvaal 12).

Johan Heunis se besering verswak beslis die Noorde en sy plaasvervanger, Tjaart Marais, sal moet lig loop vir die OP se losmanne. (Dit wil lyk asof Marais se voormalige Wes-Transvaalse spanmaat, Tobie Oosthuizen, vir Pote Human as die OP se "meanie" vervang het).

Die Vrystaat se nederlaag teen Natal was 'n groot terugslag vir sy bekerkanse. As hy môre teen sy buurman, Noord-Vrystaat, op Welkom verloor, sal dit stellig die einde van sy aanslag beteken.

Dit wil lyk asof daar iets ernstig met Wes-Transvaal se fiksheid skort.

Teen die OP én Noord-Transvaal het hulle goed begin maar ná rustyd sleg uitgesak. Die WP behoort die Mielieboere ook maklik te klop.



John Mitchell

## Slag die kalf, Jannie is terug

JANNIE BREEDT se insluiting in die Transvaalspan (nogal as kaptein) vir môre se Curriebeker-wedstryd teen Natal op Ellispark is geen verrassing nie. Wat dit wel is, is 'n klap in die gesig vir Judex Burnett, wat in Breedt se afwesigheid puik rugby vir die Rooibontspan gespeel het.

Transvaal se keurders het soos dié van die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal besluit dat kitsresultate swaarder weeg as hul lojaliteit aan spelers wat die hele seisoen vir hul provinsies beskikbaar is en nie eers hul verpligtinge teenoor 'n vierderangse Italiaanse klub hoef te voltooi nie.

'n Mens sou Burnett nie kon verkwalik as hy ontevrede sou wees oor sy weglating nie. As Transvaal sy spelers só behandel, kan hy nie op lojaliteit van hul kant aanspraak maak nie.

(Transvaal het reeds vir Wahl Bartmann oor sy houding jeens spelers verloor. Hy gaan nie die laaste een wees nie).

Oor Breedt se vermoëns bestaan daar geen twyfel nie. Hy is die beste agtsteman en die beste kaptein in die land. Maar waar was hy toe sy span twee weke gelede twee bekerpunte teen die Vrystaat ingeboet het? Sy teenwoordigheid sou beslis 'n verskil kon maak.

Gert Smal, wat steeds in Italië sit, is in sy afwesigheid as die Westelike Provinsie se kaptein vir die jaar aangestel. Wanneer Naas Botha die dag klaar is met Rovigo én klaar vakansie gehou het, sal hy straks die Noorde se kapteinskap by Uli Schmidt oorneem.

Garth Wright se besering teen die Oostelike Provinsie het vandeesweek die Transvaalse keurders se taak vergemaklik; nou hoef hulle nie aan 'n verskoning te dink waarom Breedt hom as kaptein moet vervang nie.

Waarmee ons hier te doen het, is topspelers met 'n ongesonde houvas op beamptes. Niemand het die moed - of die gesag - om 'n man soos Botha voor 'n keuse te stel nie: òf Rovigo òf Noord-Transvaal.

Die probleem is dat hy in 'n oogwink deur 'n ander provinsie opgeraap sal word. Eerder Naas vir jou as Naas teen jou, al is dit net vir 'n halwe seisoen.

Miskien moet iemand net met die Italiaanse rugbybase oor hul ontoeskietlike houding praat. Anders as Suid-Afrikaanse beamptes, betaal hulle glo nie hulle spelers tensy hulle die hele seisoen kan speel nie.

## A nee a, Domkrag!



**Frans Erasmus is oral gewild. Wanneer hy daardie breë, potsierlike lyfie uit 'n losgemaal wikkel en met die bal onder sy arm verby twee, drie verdedigers bars, juig die skares.**

**Ná verlede Saterdag wonder 'n mens hoeveel ondersteuners hy in Transvaal oor het.**

**Ons moet aanvaar dat daar maar altyd in die hitte van die stryd 'n verdwaalde vuishou of twee sal wees. As 'n man soos Erasmus egter sonder provokasie 'n kleintjie soos Garth Wright met die skouer en elmboog loop, sommer vir die lekkerte daarvan, moet hy swaar gestraf word.**

**(Erasmus kan darem nie alleen die skuld dra vir die harsingskudding wat Wright opgedoen het nie. Tobie Oosthuizen het die Transvaalse skrumskakel vroeër in die wedstryd met 'n gevaarlike, opsetlike hoogvat hard laat val. Ons skeidsregters tree nie naastenby streng genoeg op teen vuilspelers nie. Dit sou dalk 'n goeie idee wees om die reëls sodanig te verander dat skeidsregters verplig word om vuilspelers sonder waarskuwing af te jaag. 'n Verpligte skorsing van drie weke sal ook help om die humeure in bedwang te hou.**

# Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA



*Een van die aanbiedinge Sondagaand by die Teater Voltaire (van 7-uur in die Junction-nagklub) is Charles Fourie se 'Grot van die Kaalkoppe', 'n fassinerende stuk wat gegrond is op 'n koerantberig oor drie skoolleerlinge wat in afsondering in 'n grot gaan woon het. Die choreograaf Marlene Blom het die stuk hervertolk met haar eiesoortige bewegings. Saam verken Fourie, Blom en die spelers (Kevin Smith, Johan van der Westhuizen (bo) en Marius Meyer) 'n raaiselagtige gebied tussen toneel, dans en 'performance art'.*

***Die tussenkomitee van die Transvaalse Teater-Alliansie nooi teaterwerkers uit wat belang stel in lidmaatskap van 'n teaterwerkers-'equity'/organisasie om by die organisasie aan te sluit. Dit word Sondag om 11-uur by die Mark-Teater in die lewe geroep. Mense wat verdere inligting of vervoer verlang kan vir Vanessa (011-836-6499) of Dan (011-648-8439) bel.***

## Tukkies-stuk vol pedofiele, filosowe, moordbendes en vrae oor die samelewing

***Gevangenes in 'n oorvol tronksel is die karakters in Marc Hosten se stuk 'Spel sonder reëls' wat tot 23 Mei deur die Tukkies se dramadepartement in Die Masker op die planke gebring word. (Vir dié stuk kry Hosten die 1990 Jean Genet-prys).***
***'n Nuweling in die sel, die onskuldige, word gekonfronteer met gevaarlike misdadigers wat eis dat sy saamspeel. Die magshiërargie binne die tronk word keer op keer omvergewerp, soos dit net in 'n spel toegelaat word.***
***Volgens Hosten bevraagteken die stuk die reëls binne die samelewing. Braam Cilliers is die regisseur van die stuk wat deur middel van 'n eksperimentele proses tot stand gekom het. 'Dit is gegrond op improvisasies uitgevoer deur die studente (en hou dus die wortels stewig in die Afrikaanse jeug van 1990) waarna dit saamgesnoer is in 'n eg post-modernistiese teks deur Marc Hosten,' sê die persverklaring. Pedofiele, prostitute, digter-filosowe, moordbendes en ander obskure karakters maak hulle opwagting op die verhoog! Opvoerings begin agtuur.***

# Arbus en die ontklee-danseres

## *'...to sanctify that privacy which she seemed at first to have violated'*

**ANDREA VINASSA**

DIANE ARBUS was 'n dinamiese en oorspronklike invloed op Amerikaanse fotografie. Onverbiddelike eerlikheid, verbeelding en deernis was haar handelsmerk. Hoewel sy alledaagse Amerikaanse beroemdes gefotografeer het, is haar foto's van die anti-helde, die skandaliges, die vreemdsoortiges en die bewoners van 'n nie-amptelike stedelike skemerkultuur haar boeiendste werk.

"Diane Arbus was een van daardie figure - so uitsonderlik in die annale van fotografie as in die geskiedenis van enige ander medium - wat skielik, deur 'n uitdagende sprong in 'n verbode gebied, die terme van die kuns van fotografie verander het," het Hilton Kramer in die New York Times Magazine geskryf.

Die psigologiese verwikkeldheid van die ervaring van Arbus-foto's is deur Marion Magid in die "Arts"-tydskrif ontleed: "One does not look with impunity as anyone knows who has ever looked at the sleeping face of a familiar person and discovered its strangeness. Once having looked at Arbus's work and not looked away we are implicated. When we have met the gaze of a midget or a female impersonator a transaction takes place between the photograph and the viewer. In a kind of healing process we are cured of our criminal urgency by having dared to look. The picture forgives us, as it were, for looking. In the end the great humanity of Diane Arbus's art is to sanctify that privacy which she seemed at first to have violated."

Later het sy twyfelagtige metodes begin gebruik om foto's te kry - sy het nie geskroom om te belowe dat sy nie 'n foto sou publiseer nie en dit dan gepubliseer. 'n Mens kan haar dus nie in só 'n geïdealiseerde lig sien nie.

Arbus, wat in 1971 selfmoord gepleeg het, het in 1964 vir die ontklee-danseres Blaze Starr, "the queen of burlesque and star of the Two O'Clock Club in Baltimore" en die wederhelfte van 'n skandalige liefdesverhouding met 'n goewerneur van Louisiana, gefotografeer. Arbus het veral gefokus op mense wat hul individualiteit op unieke maniere uitgeleef het. Die foto van Blaze is een van die soort foto's wat neerhalende kommentaar van die publiek uitgelok het: mense het gemeen Arbus se werk is nie net "weird" nie, maar vreemd, lelik, afgryslik...

Maar dit was ook een van die werke waarin Arbus haar onderwerp se weerloosheid vasgevang het.

Dié einste Blaze - dit is haar verhoognaam; haar regte naam is Fannie Belle Fleming - is die onderwerp van 'n rolprent waarin Paul Newman goewerneur Earl Kemp Long, wie se progressiewe idees in die jare vyftig die Amerikaanse Suide geskok het, vertolk.

Die onbekende speler Lolita Davidovich speel die rol van die flambojante rooikop wat die sosiale en politieke norme van die Suide uitgedaag het toe sy openlik 'n verhouding aangeknoop het met die eksentrieke Long. Sy legendariese politieke veldtogte is gekarakteriseer deur stellings soos: "The three best friends the poor people have ever had are Jesus Christ, Sears & Roebuck and Earl K Long."

In haar outobiografie, "Blaze Starr: My Life as Told to Huey Perry", vertel Blaze hoe sy tydens die Depressie in Wes-Virginia gebore is en uiteindelik 'n paar uitdagende spronge van haar eie gemaak het. Haar reputasie as 'n vreeslose ontklee-danseres wat doldapper toertjies op die Washingtonse verhoog uitgevoer het, het haar beroemdheid besorg nog voor sy as 28-jarige vir Earl Long in 1959 ontmoet het.

Ron Shelton, die draaiboekskrywer van "Bull Durham" het op die boek afgekom en so 50 of wat prente daarin gesien. Hy het op haar romanse met die 63-jarige Long gekonsentreer en Blaze het gebid. Vier jaar later het die projek die groen lig gekry.

Ironies het Blaze in haar jong dae probeer om haar in die rolprentwêreld te laat geld, maar sy het altyd rolle verloor... oor haar Wes-Virginia-aksent.

* "Blaze" begin volgende week in Metro-teaters draai.



*Die foto wat Diane Arbus in 1964 van Blaze Starr geneem het.*



*Lolita Davidovich, die onbekende speler wat Starr in die rolprent speel.*

# 'Hey, life's rough in the free world'

*America's art gallery of pain and anger is there for all to see in movie houses all over the world. CATHARINE MALARKEY, an American journalist currently living and working in Africa, assesses the price of freedom in the land of the screen*

AMERICA dominates what is perhaps the most accessible art form in the world: the movie. And the dynamic ambivalence the United States feels towards its own brand of freedom has been the source of much creativity - and much of what ends up in the world's movie theatres.

The world reacts to history's experiment in freedom in so many ways. America's bewildering mixture of naivete, adolescent brashness and candour elicits everything from tenderness to exasperation. Pushed to their extremes, these become idealisation and contempt. Since I've been in Africa, I've witnessed the full spectrum and Americans themselves are no way exempt from this confusion.

The fact that freedom poses problems sounds laughable to many South Africans, but, watch the world now. Watch Eastern Europe and those newly free. Watch the few that know exactly what to do with their freedom and the many that do not. Look closely also at America's history and the conflicts that have arisen from a country full of free individuals.

Even with their constitutional rights, how many are actually free? Look how historical cycles revolve around freedom's persistent challenge. Where should one commit one's energies? To oneself? To a cause? To the country that gave you the freedom in the first place? Freedom is not a stable condition, it is a climate that must be fought for.

Licence to say and act and believe what is in one's heart is an enormous gift: few bear it gracefully. America is a tolerant country, it both allows action and accepts inaction. It thrives with those who support it, and tolerates those who resist it. Many resist it. For so many Americans, this gift is a burden: a demand that never sleeps. It is a thousand draining decisions to make, each of which require considerable self-knowledge. You must know what you want. Life in a country that supposedly offers it all insists on it.

## Disorders

Relinquishing the right to control individual freedom gives American society a dangerous upper hand. With no inner direction, one is steered by cruel and competitive norms. In America it happens often: you can see it in the magazines and the movies. Currently people in America are trying to be perfect. Society is telling them to be younger, healthier, richer and more beautiful.

Look at the diseases and disorders: people are killing themselves trying to achieve the impossible. Shouldn't one be able to charge out and get a body like Jane Fonda's, obtain an advanced degree, discover one's spiritual past lives and make a million dollars on the side? Hey, life's rough in the free world. One has no time for causes; principles are too exhausting to maintain. It isn't long before the centre can no longer hold.

This is America's downside - freedom's uglier face. In it you see man's over-inflated and wax-like ego flying too close to the sun.

You saw it en masse in the Eighties when freedom went haywire under Reagan and, instead of a responsible society, we got over-indulgence, corruption and greed: we got Rome. Businessmen cheated the taxpayers; 'religious' leaders ripped off their faithful followers; athletes, companies and politicians were bought and sold like slabs of meat; television, the mass opiate, hypnotized the country into a mindless trance, and finally, the man at the helm of the ship "Freedom" lied to congress and the people.

## Sins

This 'gift' has always brought out the best and the worst in people. When fatuous love-of-self numbs and consumes us we are brought to humanity's edge.

We are capable of committing the most cardinal of sins without thinking twice. Suddenly it is okay to exploit, damage and deprive others for what we perceive to be our own gain. Suddenly we are enslaving our fellow men and sleeping well at night.

In America we reached this point in the 19th century, and again in the 20th. This is what we fought, and continue to fight our wars over. The struggle for freedom is never over: its an ongoing process. Somewhere the uglier side is triumphing and keeping something better down.

Man's dual nature engages him in a perpetual battle for his soul. He fights for it within himself, and against anyone who threatens it. The balance within him swings to and fro: the very tension moving him forward. Just when he is farthest from grace, the angel awakens and the battle begins anew. On the front line is the part of him that cares more about justice, ideals, and glory than his own life. A strengthening selfless passion sweeps through him: suddenly he is capable of great deeds.

The civil war was such a time. The country was reminded of a relatively recent commitment it had sworn to honour, and abolitionists courageously broke from the confederacy to fight for the expansion of the constitutional contract: it should, they felt, include all men, not just white men.

The movie "Glory" shows democracy ripping into oppression with a vengeance. It is an impressive movie, an ambitious and well-researched reconstruction of a time we (in America) read about only when we're quite young. Those unfamiliar with US history could have found the film confusing. The ambivalence of the characters (who exactly was fighting whom, and what were they fighting for?) was uniquely American. In the end, both protagonists, dealing with issues that transcended race, died with an understanding they knew was worth dying for.

## Enemy

For those who have witnessed far more tragic wars since, there is something touching - almost enviable - in the simplicity of dying for a cause you believe in, at the hands of an enemy you can see and understand. To die in such a selfless way, and to die with men you love; men who share your ideals, makes the war experience the most it can be: it makes death glorious.

"Born on the Fourth of July" was not so much about the war in Vietnam as it was about the war at home; the war that was being fought at Kent State; Berkeley University - in streets, cafés and homes all over the country.

While the rosy-cheeked boys were off fighting the war for their nation, their peers at home re-entered the unfinished battle for justice that had started so long ago. America's youth was strong and free enough to take on the responsibility of restructuring the imperfect social order. They undertook the tremendous task of extending rights to not only blacks, but women and other minority groups. They fought the government, their families, the church and educational institutions. They fought with the fury and the passion of the wronged.

## Circles

The older generations were faced with the difficulty of relinquishing life as they had known it. Gone was the time when circles fit into circles, and squares into squares.

The building block neatness of the Fifties was splintered by the untempered rage of their children. Sex, drugs, and rock n' roll became the new credo. The carefully guarded boundaries of their parents were wrecked; their manicured gardens allowed to run wild. Things were pushed, pushed, pushed to the limit and America entered its torrential adolescence.

The youth had been robbed of their idols, lied to by the government, and crippled by the war. Whatever allegiance they had for the red, white and blue went up in flames. The nation watched it all on television, some in horror, some in triumph.

## Tragic

History becomes tragic and memorable when its sharpest agony lands itself in the souls of the people. Twenty years later, and the ghost of Vietnam is not exorcised. Members of the "lost generation" are still piecing together its effects. How many movies have there been? As many as the years?

Creative and wounded minds have long been wrestling with the multiple repercussions of the war, but few have done it as successfully as Oliver Stone. In previous films, we've seen the horror of fighting an unseen enemy, of killing women and children, of losing friends, limbs, and innocence.

"Born on the Fourth of July" touches on all these issues, but focuses on the more complicated subject of men at home. No film has so captured the pain of their alienation. There was no glory in Vietnam; there was no justification at all. Unlike the Civil War, there was no real cause to fight for, no tangible reason to lose so much. At best, there was the fulfillment of patriotic duty, and the vague comfort that they were doing something good for their country.

## Vietnam

Ron Kovic lost all this and more in Vietnam. He returned half-a-man to a country that didn't bother to thank him for his sacrifice. Not only did he have to reconstruct his identity, but he had to deal with the fact that, to his country, he was more useful as a symbol than a man. The woman he had adored in high school didn't want to kiss him as much as she wanted to parade him at a rally as evidence of the injustice her campus was exposing. Kovic's story is heart-wrenching. A broken man without his country has nothing: wheelchair vets were fit for few things; either they could waste away in Margueritaville, as William Dafoe's character did, or they could continue to fight the war that was now being fought in their own back yards.

Kovic's resolution was remarkable. Not only did he survive the war, the loss of God and his family in his life, but he survived an involuntary martyrdom that cut him to the core. That he was able to rejoin the world, his country, and his heart was... well, glorious. The love and energy he had as a child was rekindled and his life continued with his spirit not only intact, but stronger.


## Freedom

The Civil War and the civil rights movement were an echo of each other. They were both struggles for justice at home. Both "Glory" and "Born on the Fourth of July" dealt with the central American theme of the responsibility individuals have for their country. This is particularly complex in a country that was created to protect the personal freedom of those individuals. The call to move the nation forward cannot be forced or dictated. Instead it is listened and responded to in the rare quiet moments when our sense of cause - whether it be equality, freedom, or justice - can be heard over our sense of self.

What is remarkable about American wars, is that they can and have been fought by the democracy - black, white, yellow, red - both those who have and those who have not.

Few places reveal more about man's cruel and beautiful nature. In America, the conflicts every country faces squirm in a bright light for all to see. Maybe the greatest gift the country has to offer is its exposition; it's wild moving art gallery that angers and inspires and cathartically elicits every human reaction under the sun.

*'Few places reveal more about man's cruel and beautiful nature'*







# Die (bedenklike) ondermyning van 'struggle'-teater

**JUST LIKE HOME**
**Deur Pieter-Dirk Uys**
**Met Shaleen Surtie-Richards, Kurt Egelhof, Russell Copley, Soli Philander**
**Regie: Lynne Maree**
**In die Laager, Mark-Teater**

**ANDREA VINASSA**

DIT is veragtelik om na ander koerante se resensies te verwys en hul menings te bevraagteken wanneer jy 'n opinie oor dieselfde stuk wil lug.

Dan moet ek maar verag word. Want wat ek nou wil sê, wil ek sê. Ek was so verstom deur 'n stelling deur 'n openlik ANC-ondersteunende koerant, dat ek nie kan stilbly nie. "One can quibble about some of the political content in Uys's play, perhaps indicating his distance from the cauldron of township politics, but these are peripheral"

Hoekom wou die skrywer nie hare kloof oor die politiek nie, wil ek weet, en hoekom is die politiek randstandig wanneer die inhoud, die bestaansreg en die ontvangs van die stuk geheel en al van die (Suid-Afrikaanse) politiek afhang?

Trouens, "Just Like Home" het by my baie meer vrae opgeroep as wat dit beantwoord het.

"Just Like Home" is 'n medium vir politieke gemeenplasighede, dit is nie te sê dat die gemeenplasighede nie propvol waarheid is nie, dat gehore nié meegevoer word deur Uys se heerlike idiomatiese gebruik van Engels-as-Afrikaans nie, dat die sentrale karakter nié diep in mense se harte inkruip nie.

Elke aand verslind 'n teater vol mense Uys se lag-met-'n-traan-waarheidjies oor die alledaagse tragedies wat uit die struggle gebore word. Dit lei geen twyfel dat Uys die slag het om derduisende teatergangers se emosies aan te gryp en hulle laggend in hul stoele vasgenael te hou nie, terwyl hulle met 'n paar lesse oor die politiek getrakteer word.

Hulle eet sowaar alles vir soetkoek op. Met Uys se besluit om sy boodskap in die smaakvolste omhulsel te verkwansel, kan ek nie stry nie. Dié smaakvolheid is Shaleen Surtie-Richards se ewig-vrolike, innemende Cathy September wat 'n grap het vir elke geleentheid.

Hoekom het ék dan soos 'n ou suur knol in my stoel gesit? Daar is die moontlikheid dat ek geen humorsin oor het nie en dat ek dit nie geniet wanneer die struggle gekritiseer word nie.



*Soli Philander en Shaleen Surtie-Richards*

Die hoofrede vir my knorrigheid het meer met Uys se teater-konvensie uit te waai en hoe hy sy karakters so oop en bloot manipuleer om bewyse te soek vir sy hipoteses oor die struggle. "Just Like Home" begin met 'n teater-truuk (theatrical device) en word van truuk tot truuk voortgestu. Ons weet almal teater is 'n helse geforseerde affêre, maar dit is darem te dik vir 'n daalder.

Het 'n mens die reg om met Uys in geding te tree oor hoe swaar een stuk kan dra aan "deus ex machinae"? (Die teks wat Hector Prince instudeer duik kort-kort op om een of ander karakter tot 'n insig te dryf; Cathy September se geld kon net so wel rooi neonlig afgegee het, só belangrik was dit in die karakters se finale katarsis; die aanranding van Gupta - hy is 'n Indiër in Londen - is nog een). Daar is genoeg katarsisse vir vier toneelstukke.

Uys het duidelik 'n "ideé fixe" oor die opportunisme, skynheiligheid en oneerlikheid wat in die kookpot van die politiek uitgebroei het. Watter regdenkende mens het nie?

Uys bevraagteken met reg wit lefties se motiewe wanneer hulle hul lyding in die Weermag aandik om politieke asiel in Londen te kry. (Lieg en bedrieg sou ek ook om my uit dáárdie situasie uit te kry, al gaan ek hel toe oor my bedenklike motiewe.) Uiteindelik leer die wit leftie dat hy maar eerlik kan wees met sy Antie Cathy en kry hy Uys se vergifnis.

Want sy sondes is nie so groot soos die bruin radical s'n nie. Die struggle het, wat sy moraliteit betref, skynbaar verwoesting gesaai. Hy is 'n bedorwe bogsnuiter wat dink dis sommer hunky dorey om nou al te begin met die "redistribution of wealth" al is dit sy tante s'n. Hy word ook ten einde bekeer deur Cathy se menslikheid en nugterheid.


Uys is duidelik besig met die ondermyning van "struggle-teater"... dat die huidige politiek wyd oop is vir uitbuiting en korrupsie. Daarvoor is 'n mens hom oneindig dankbaar, maar ek is nuuskierig oor sy keuse van 'n kleurling-vrou om 'n stelling te maak wat eintlik baie konserwatief en regressief is.

(O, daar hoor ek 'n paar mymeringe dat "die outeur dood is". Dat 'n teks alleen staan na sy outeur fisiek daarvan afstand gedoen het. Dat karakters praat sonder inmenging van die outeur. Ek koop nie dié teorieë nie. Roland Barthes het mos gesê die outeur is dood. Ja, hy ís dood. Omgery deur 'n trok.)

Pieter-Dirk Uys is nog met ons en die besluite wat hy namens sy karakters maak, is 'n politieke daad. Só ook die keuse van 'n stereotipe sogenaamde kleurling - dit is nie 'n oorspronklike insig nie, dit is al voorheen geskryf - toe te laat om 'n klomp sentimenteel-banale dinge kwyt te raak. Om nie te praat van die melodramatiese asma-aanval nie.

'n Mens lag dikwels saam met die karakter, maar meeste van die tyd vir haar. Daar is altyd 'n element van uitbuiting wanneer daar gelag word vir iemand anders se verknorsing en die gehoor word in 'n posisie geplaas waar hulle 'n neerbuigende houding teenoor die karakter kan inneem.

(Gee my enige tyd vir Gupta, hy word ten minste toegelaat om sy vooroordele uit te spreek.)



# Die boy van Bethulie kom weer stad toe

***Patrick Mynhardt se 'Boy van Bethulie' is, ná 'n afwesigheid van sewe jaar, weer in die stad. Dié nostalgiese outobiografie sal net twaalf opvoerings in die Warehouse van die Mark-Teater geniet. (Die speelvak duur van 21 Mei tot 3 Junie). Volgens Mynhardt het die stuk ontstaan uit spontane geleenthede wanneer hy sy vriende en ander gewillige luisteraars sou vermaak met verhale uit sy 'wonderlike, belaglike, mal, droewige, patetiese en ekstatiese lewe'***

# Laurence's delicate yet definite persona

**PERSONA**
**With Sandra Duncan**
**Director: Terrence Shank**
**In the Dalro-Theatre, Windybrow**

**AMANDA LEE HORWITZ**

IN the magical glow of the Dalro Theatre, the protean woman slips from "persona" to "persona". Now she's Vanessa, now she's Stacy... Morag... Hagar. One portrayal is as convincing as the next; middle-aged... an old woman. Woman.

While "persona" forms an integral piece in the puzzle of "Woman's History and Reality", as such, it remains subtle and entertaining throughout.

Sandra Duncan brings to life the sensitive writings of Margaret Laurence, a contemporary Canadian writer. The latter's stories are set in an imaginary place called Manawaka, drawn from her childhood experiences in the small town community of Manitoba.

While Duncan makes brilliant character shifts, physically and emotionally, literally in seconds, there is a strong thread linking the personae. They are women alone and seem to be coming from a position of loss, irrespective of their marital, familial or community status. They are introspective women confronting the relationship of their beings with that of their often bigoted and parochial community.

Throughout the performance, audience members seemed to identify with the various personae... (men included). Ms Duncan, as Ms Duncan, mentioned, after her performance, that she and Terrence Shank had discussed the issue of whether men would, in fact, be able to relate to the different characters. They agreed that while every woman identifies with different aspects of Laurence's women, men certainly know women who are like, or possess characteristics, of the personae.



*Sandra Duncan as Hagar*

Duncan's achievement in this production cannot be separated from that of her director, Terrence Shank. He too excells.

"This is a project we've wanted to work on for about three years," said Duncan. She also mentioned that she would have been hesitant to have a man, other than Terrence, direct her in this piece.

Even the details, from the set and lighting to the tasteful costumes, designed by Marianne Fassler, dovetail into this delicate yet definite theatrical achievement.

